REPUBLIC OF SOUTH AFRICA
GOVERNMENT GAZETTE
STAATSKOERANT
VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

Registered at the Post Office as a Newspaper

PRICE 10c PRYS
OVERSEAS 15c OORSEE
POST FREE — POSVRY

As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer

AMERICAN CORPORATION OF SOUTH AFRICA
RECEIVED
5-7-1972
RETURN TO
LIBRARY

VOL. 84] PRETORIA, 30 JUNE / 30 JUNIE 1972 [No. 3598

PROCLAMATIONS

by the State President of the Republic of South Africa

No. 158, 1972

AMENDMENT OF PROCLAMATION 204 OF 1962 AND DECLARATION OF A GROUP AREA IN TERMS OF THE GROUP AREAS ACT, 1966, AT PAARL, DISTRICT OF PAARL, PROVINCE OF THE CAPE OF GOOD HOPE

Under the powers vested in me—

(A) by section 33 of the Group Areas Act, 1966 (Act 36 of 1966), and by section 51 (3) of the Community Development Act, 1966 (Act 3 of 1966), I hereby amend Proclamation 204 of 1962 by—

(1) the deletion of paragraph (A) (iii);
(2) the substitution in paragraph (B) for the word "areas" of the word "area";
(3) the substitution in paragraph (B) for the word "paragraphs" of the word "paragraph";
(4) the deletion of the expression "and (c)" in paragraph (B); and
(5) the deletion of paragraph (c) of the Schedule thereto; and

(B) by section 23 of the Group Areas Act, 1966 (Act 36 of 1966), I hereby declare that the area defined in the Schedule hereto shall, as from the date of publication hereof, be an area for occupation and ownership by members of the White group.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Cape Town on this Twenty-sixth day of May, One thousand Nine hundred and Seventy-two.

J. J. FOUCHÉ, State President.

By Order of the State President-in-Council:

J. J. LOOTS.

SCHEDULE

WHITE GROUP

Beginning at the north-western beacon of Erf 199, Paarl; thence north-east along the boundaries of the following properties so as to include them in this area: The said Erf 199 and Erven 202 and 7181 to the point where the eastern boundary of the last-named erf is

PROKLAMASIES

van die Staatspresident van die Republiek van Suid-Afrika

No. 158, 1972

WYSIGING VAN PROKLAMASIE 204 VAN 1962 EN VERKLARING VAN 'N GROEPSGEBIED INGEVOLGE DIE WET OP GROEPSGEBIEDE, 1966, TE PAARL, DISTRIK PAARL, PROVINSIE DIE KAAP DIE GOEIE HOOP

Kragtens die bevoegdheid my verleen—

(A) by artikel 33 van die Wet op Groepsgebiede, 1966 (Wet 36 van 1966), en by artikel 51 (3) van die Wet op Gemeenskapsontwikkeling, 1966 (Wet 3 van 1966), wysig ek hierby Proklamasie 204 van 1962 deur—

(1) die skrapping van paragraaf (A) (iii);
(2) die vervanging in paragraaf (B) van die woord "gebiede" deur die woord "gebied";
(3) die vervanging in paragraaf (B) van die woord "paragrawe" deur die woord "paragraaf";
(4) die skrapping in paragraaf (B) van die uitdrukking "en (c)"; en
(5) die skrapping van paragraaf (c) van die Bylae daarvan; en

(B) by artikel 23 van die Wet op Groepsgebiede, 1966 (Wet 36 van 1966), verklaar ek hierby dat die gebied omskryf in die Bylae hiervan, vanaf die datum van publikasie hiervan, 'n gebied is vir okkupasie en grondbesit deur lede van die Blanke groep.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Kaapstad, op hierdie Ses-en-twintigste dag van Mei Eenduisend Negehonderd Twee-en-sewentig.

J. J. FOUCHÉ, Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-rade:

J. J. LOOTS.

BYLAE

BLANKE GROEP

Begin by die noordwestelike baken van Erf 199, Paarl; dan noordoos langs die grense van die volgende eiendomme sodat hulle in hierdie gebied ingesluit word: Genoemde Erf 199 en Erwe 202 en 7181 tot by die punt waar die oostelike grens van laasgenoemde erf gekruis

intersected by the middle of Martin Street; thence north-east along the middle of the said Martin Street, Reitz Street and School Street to the point where it intersects the middle of the Berg River; thence south along the middle of the Berg River to the point where it is intersected by the southern boundary of Erf 470; thence north-west along the southern boundary of the said Erf 470 and the prolongation thereof to the middle of Jan Steyn Street; thence north along the middle of Jan Steyn Street and Church Street to the point where it is intersected by the prolongation south-east of the south-western boundary of Erf 388, Paarl; thence north-west along the said prolongation and the boundaries of the following properties so as to include them in this area: The said Erf 388 and Erven 344, 343 and 342 to the north-western beacon of the last-named erf; thence north-east in a straight line to the south-western beacon of the said Erf 199; thence north-east along the north-western boundary of the said Erf 199 to the beacon first named.

No. 159, 1972

APPLICATION OF CERTAIN PROVISIONS OF THE COMMUNITY DEVELOPMENT ACT, 1966, IN AN AREA AT PAARL, DISTRICT OF PAARL, PROVINCE OF THE CAPE OF GOOD HOPE

Under the powers vested in me by section 51 of the Community Development Act, 1966 (Act 3 of 1966), I hereby declare that the provisions of section 16 to 23 inclusive, 29 to 37 inclusive, and 47 of the said Act shall, as from the date of publication hereof, apply in the area defined in the Schedule hereto.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Cape Town on this Twenty-sixth day of May, One thousand Nine hundred and Seventy-two.

J. J. FOUCHÉ, State President.

By Order of the State President-in-Council:

B. COETZEE.

SCHEDULE

WHITE GROUP

Beginning at the north-western beacon of Erf 199, Paarl; thence north-east along the boundaries of the following properties so as to include them in this area: The said Erf 199 and Erven 202 and 7181 to the point where the eastern boundary of the last-named erf is intersected by the middle of Martin Street; thence north-east along the middle of the said Martin Street, Reitz Street and School Street to the point where it intersects the middle of the Berg River; thence south along the middle of the Berg River to the point where it is intersected by the southern boundary of Erf 470; thence north-west along the southern boundary of the said Erf 470 and the prolongation thereof to the middle of Jan Steyn Street; thence north along the middle of Jan Steyn Street and Church Street to the point where it is intersected by the prolongation south-east of the south-western boundary of Erf 388, Paarl; thence north-west along the said prolongation and the boundaries of the following properties so as to include them in this area: The said Erf 388 and Erven 344, 343 and 342 to the north-western beacon of the last-named erf; thence north-east in a straight line to the south-western beacon of the said Erf 199; thence north-east along the north-western boundary of the said Erf 199 to the beacon first named.

word deur die middel van Martinstraat; dan noordoos langs die middel van genoemde Martinstraat, Reitzstraat en Skoolstraat tot by die punt waar dit die middel van die Bergrivier kruis; dan suid langs die middel van die Bergrivier tot by die punt waar dit gekruis word deur die suidelike grens van Erf 470; dan noordwes langs die suidelike grens van genoemde Erf 470 en die verlenging daarvan tot by die middel van Jan Steynstraat; dan noord langs die middel van Jan Steynstraat en Kerkstraat tot by die punt waar dit gekruis word deur die verlenging suidoos van die suidwestelike grens van Erf 388, Paarl; dan noordwes langs genoemde verlenging en die grense van die volgende eiendomme sodat hulle in hierdie gebied ingesluit word: Genoemde Erf 388 en Erwe 344, 343 en 342 tot by die noordwestelike baken van laasgenoemde erf; dan noordoos in 'n reguit lyn tot by die suidwestelike baken van genoemde Erf 199; dan noordoos langs die noordwestelike grens van genoemde Erf 199 tot by eersgenoemde baken.

No. 159, 1972

TOEPASSING VAN SEKERE BEPALINGS VAN DIE WET OP GEMEENSKAPSONTWIKKELING, 1966, IN 'N GEBIED TE PAARL, DISTRIK PAARL, PROVINSIE KAAP DIE GOEIE HOOP

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 51 van die Wet op Gemeenskapsontwikkeling, 1966 (Wet 3 van 1966), verklaar ek hierby dat die bepalings van artikels 16 tot en met 23, 29 tot en met 37 en 47 van genoemde Wet, vanaf dit datum van publikasie hiervan, van toepassing is in die gebied omskryf in die Bylae hiervan.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Kaapstad, op hierdie Ses-en-twintigste dag van Mei Eenduisend Negehonderd Twee-en-sewentig.

J. J. FOUCHÉ, Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-rade:

B. COETZEE.

BYLAE

BLANKE GROEP

Begin by die noordwestelike baken van Erf 199, Paarl; dan noordoos langs die grense van die volgende eiendomme sodat hulle in hierdie gebied ingesluit word: Genoemde Erf 199 en Erwe 202 en 7181 tot by die punt waar die oostelike grens van laasgenoemde erf gekruis word deur die middel van Martinstraat; dan noordoos langs die middel van genoemde Martinstraat, Reitzstraat en Skoolstraat tot by die punt waar dit die middel van die Bergrivier kruis; dan suid langs die middel van die Bergrivier tot by die punt waar dit gekruis word deur die suidelike grens van Erf 470; dan noordwes langs die suidelike grens van genoemde Erf 470 en die verlenging daarvan tot by die middel van Jan Steynstraat; dan noord langs die middel van Jan Steynstraat en Kerkstraat tot by die punt waar dit gekruis word deur die verlenging suidoos van die suidwestelike grens van Erf 388, Paarl; dan noordwes langs genoemde verlenging en die grense van die volgende eiendomme sodat hulle in hierdie gebied ingesluit word: Genoemde Erf 388 en Erwe 344, 343 en 342 tot by die noordwestelike baken van laasgenoemde erf; dan noordoos in 'n reguit lyn tot by die suidwestelike baken van genoemde Erf 199; dan noordoos langs die noordwestelike grens van genoemde Erf 199 tot by eersgenoemde baken.

No. 161, 1972

SCHWEIZER-RENEKE IRRIGATION BOARD, DISTRICT OF BLOEMHOF, TRANSVAAL.—TRANSFER OF CONTROL OF THE DIVISION OF WATER AND THE BOARD'S WATERWORKS TO THE STATE

Whereas the State President may, in terms of section 95A (1) of the Water Act, 1956 (Act 54 of 1956), vest in the Minister of Water Affairs the power of control of the waterworks belonging to an irrigation board, and of the distribution, supply or use of water within an irrigation district proclaimed as such;

And whereas it has become necessary for such control of the Schweizer-Reneke Irrigation District to be vested in the Minister;

Now, therefore, under and by virtue of the powers in me vested by section 95A (1) of the said Act, I hereby assign the control of the division of water and of the waterworks within the Schweizer-Reneke Irrigation District to the Minister of Water Affairs with effect from 1 July 1972.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Cape Town on this Thirteenth day of June, One thousand Nine hundred and Seventy-two.

J. J. FOUCHÉ, State President.

By Order of the State President-in-Council:

D. C. H. UYS.

No. 161, 1972

SCHWEIZER - RENEKEBESPROEIINGSRAAD, DISTRIK BLOEMHOF, TRANSVAAL.—OORDRAG VAN BEHEER OOR DIE VERDELING VAN WATER EN DIE RAAD SE WATERWERKE AAN DIE STAAT

Nademaal die Staatspresident, kragtens artikel 95A (1) van die Waterwet, 1956 (Wet 54 van 1956), die bevoegdheid om die waterwerke wat behoort aan 'n besproeiingsraad asook die distribusie, voorsiening of gebruik van water binne 'n besproeiingsdistrik wat as sodanig geproklameer is, te beheer aan die Minister van Waterwese kan oordra;

En nademaal dit nodig geword het dat sodanige beheer oor die Schweizer-Renekebesproeiingsdistrik aan die Minister oorgedra word;

So is dit dat ek, kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 95A (1) van genoemde Wet, hierby die beheer oor die verdeling van water asook die waterwerke binne die Schweizer-Renekebesproeiingsdistrik aan die Minister van Waterwese oordra met ingang van 1 Julie 1972.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Kaapstad, op hierdie Dertiende dag van Junie Eenduisend Negehonderd Twee-en-sewentig.

J. J. FOUCHÉ, Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-rade:

D. C. H. UYS.

No. 162, 1972

DATE OF COMMENCEMENT OF CERTAIN PROVISIONS OF THE ARMAMENTS DEVELOPMENT AND PRODUCTION AMENDMENT ACT, 1972 (ACT 65 OF 1972)

In terms of section 14 of the Armaments Development and Production Amendment Act, 1972 (Act 65 of 1972), I hereby declare that the provisions, except those in section 10, of the said Act shall come into operation on the date of publication hereof.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Pretoria on this Twenty-third day of June, One thousand Nine hundred and Seventy-two.

J. J. FOUCHÉ, State President.

By Order of the State President-in-Council:

P. W. BOTHA.

No. 162, 1972

DATUM VAN INWERKINGTREDING VAN SEKERE BEPALINGS VAN DIE WYSIGINGSWET OP KRYGSTUIGONTWIKKELING EN -VERVAARDIGING, 1972 (WET 65 VAN 1972)

Kragtens artikel 14 van die Wysigingswet op Krygstuigontwikkeling en -vervaardiging, 1972 (Wet 65 van 1972), verklaar ek hierby dat die bepalings, uitgesonderd dié in artikel 10, van genoemde Wet met ingang van die datum van publikasie hiervan in werking sal tree.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Pretoria, op hierdie Drie-en-twintigste dag van Junie Eenduisend Negehonderd Twee-en-sewentig.

J. J. FOUCHÉ, Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-rade:

P. W. BOTHA.

GOVERNMENT NOTICES

DEPARTMENT OF AGRICULTURAL CREDIT AND LAND TENURE

No. 1141 30 June 1972

APPOINTMENT OF ACTING SECRETARY FOR AGRICULTURAL CREDIT AND LAND TENURE

It is hereby notified for general information that the Minister of Agriculture has approved the appointment, for the periods 26 June 1972 to 7 July 1972 and 13 July 1972 to 28 July 1972, when Petrus Ludolf Steyn, Secretary for Agricultural Credit and Land Tenure, will be absent on leave, of Donovan Korsten as Acting Secretary for Agricultural Credit and Land Tenure.

GOEWERMENTSKENNISGEWINGS

DEPARTEMENT VAN LANDBOUKREDIET EN GRONDBESIT

No. 1141 30 Junie 1972

AANSTELLING VAN WAARNEMENDE SEKRETARIS VAN LANDBOUKREDIET EN GRONDBESIT

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat die Minister van Landbou sy goedkeuring geheg het aan die aanstelling, vir die tydperke 26 Junie 1972 tot 7 Julie 1972 en 13 Julie 1972 tot 28 Julie 1972, wanneer Petrus Ludolf Steyn, Sekretaris van Landboukrediet en Grondbesit, met verlof afwesig sal wees, van Donovan Korsten as Waarnemende Sekretaris van Landboukrediet en Grondbesit.

DEPARTMENT OF BANTU ADMINISTRATION AND DEVELOPMENT

No. 1162 30 June 1972

(A) ABOLITION OF DISTRICT ESTABLISHED BY VIRTUE OF THE PROVISIONS OF SECTION 48 (6) OF THE TRANSKEI CONSTITUTION ACT, 1963 (ACT 48 OF 1963), FOR THE AREA IN THE DISTRICT OF MATATIELE, WHICH IS NOT A BANTU AREA;

(B) DECLARATION THAT HERMES BE THE NAME BY WHICH THE DISTRICT ESTABLISHED BY VIRTUE OF THE PROVISIONS OF SECTION 48 (6) OF THE TRANSKEI CONSTITUTION ACT, 1963 (ACT 48 OF 1963), FOR THE AREA IN THE DISTRICT OF PORT ST JOHNS WHICH IS NOT A BANTU AREA, SHALL BE KNOWN; AND

(C) APPOINTMENT OF ERF 356, MATATIELE, AND ERVEN 56, 57, 64 AND 65, PORT ST JOHNS, AS SEATS OF COURTS FOR THE DISTRICTS OF MATATIELE AND PORT ST JOHNS, RESPECTIVELY

Under and by virtue of the powers vested in me by section 2 (a), (f), (h) and (l) of the Magistrates' Courts Act, 1944 (Act 32 of 1944), and by the said provisions, read with the proviso to section 48 (6) of the Transkei Constitution Act, 1963 (Act 48 of 1963), I, Cornelius Petrus Mulder, Acting Minister of Bantu Administration and Development, hereby give notice that with effect from 1 July 1972, I—

(a) (i) abolish the district established by virtue of the provisions of section 48 (6) of the Transkei Constitution Act, 1963 (Act 48 of 1963), for the area in the District of Matatiele which is not a Bantu area; and

(ii) appoint Erf 356, Matatiele, as the seat of the court for the District of Matatiele;

(b) (i) declare that the district established by virtue of the provisions of section 48 (6) of the Transkei Constitution Act, 1963 (Act 48 of 1963), for the area in the District of Port St Johns which is not a Bantu area, shall be known as Hermes;

(ii) establish a court for the said District of Hermes;

(iii) appoint Port St Johns, in the said District of Hermes, as the seat of magistracy and as a place within that district for the holding of a court; and

(iv) appoint Erven 56, 57, 64 and 65, Port St Johns, as the seat of the court for the District of Port St Johns;

(c) amend Proclamations 215 of 1884 (Cape) and 54 of 1891 (Cape).

C. P. MULDER, Acting Minister of Bantu Administration and Development.

No. 1173 30 June 1972

DEFINING AND SETTING APART OF A TOWNSHIP KNOWN AS LEBOAKGOMO, SITUATE ON THE FARM DE BEER 448 KS, DISTRICT OF THABAMOOPO, TRANSVAAL

I, Pieter Gerhardus Jacobus Koornhof, Deputy Minister of Bantu Administration and Education, do hereby, on behalf of the Minister of Bantu Administration and Development under the powers vested in him by regulation 4 (1) (a) of Chapter 1 of the Regulations for the Administration and Control of Townships in Bantu Areas, published under Proclamation R. 293 of 1962, define and set apart the area of land described in the Schedule hereto as a township for the occupation, residence and other reasonable requirements of Bantu.

P. G. J. KOORNHOF, Deputy Minister of Bantu Administration and Education.

(File T60/4/1525/6)

DEPARTEMENT VAN BANTOE-ADMINISTRASIE EN -ONTWIKKELING

No. 1162 30 Junie 1972

(A) AFSKAFFING VAN DISTRIK INGESTEL KRAGTENS DIE BEPALINGS VAN ARTIKEL 48 (6) VAN DIE TRANSKEISE GRONDWET, 1963 (WET 48 VAN 1963), VIR DIE GEBIED IN DIE DISTRIK MATATIELE WAT NIE 'N BANTOEGEBIED IS NIE;

(B) BEPALING DAT HERMES DIE NAAM IS WAARONDER DIE DISTRIK INGESTEL KRAGTENS DIE BEPALINGS VAN ARTIKEL 48 (6) VAN DIE TRANSKEISE GRONDWET, 1963 (WET 48 VAN 1963), VIR DIE GEBIED IN DIE DISTRIK PORT ST. JOHNS WAT NIE 'N BANTOEGEBIED IS NIE, BEKEND SAL STAAN; EN

(C) BEPALINGS VAN ERF 356, MATATIELE, EN ERWE 56, 57, 64 EN 65, PORT ST. JOHNS, AS SETELS VAN HOWE VIR ONDERSKEIDELIK DIE DISTRIKTE MATATIELE EN PORT ST. JOHNS

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 2 (a), (f), (h) en (l) van die Wet op Landdroshowe, 1944 (Wet 32 van 1944), en by genoemde bepalings, gelees met die voorbehoudsbepaling van artikel 48 (6) van die Transkeise Grondwet, 1963 (Wet 48 van 1963), gee ek, Cornelius Petrus Mulder, Waarnemende Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling, kennis dat ek met ingang van 1 Julie 1972—

(a) (i) die distrik ingestel kragtens die bepalings van artikel 48 (6) van die Transkeise Grondwet, 1963 (Wet 48 van 1963), vir die gebied in die distrik Matatiele wat nie 'n Bantoegebied is nie, afskaf; en

(ii) Erf 356, Matatiele, bepaal as setel van die hof vir die distrik Matatiele;

(b) (i) bepaal dat die distrik ingestel kragtens die bepalings van artikel 48 (6) van die Transkeise Grondwet, 1963 (Wet 48 van 1963), vir die gebied in die distrik Port St. Johns wat nie 'n Bantoegebied is nie, as Hermes bekend sal staan;

(ii) 'n hof vir genoemde distrik Hermes instel;

(iii) Port St. Johns in genoemde distrik Hermes aanwys as landdrossetel en as 'n plek binne daardie distrik waar hofsittings gehou kan word; en

(iv) Erwe 56, 57, 64 en 65, Port St. Johns, bepaal as setel van die hof vir die distrik Port St. Johns;

(c) Proklamasies 215 van 1884 (Kaap) en 54 van 1891 (Kaap) wysig.

C. P. MULDER, Waarnemende Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling.

No. 1173 30 Junie 1972

BEPALING EN AFSONDERING VAN 'N DORP BEKEND AS LEBOAKGOMO, GELEË OP DIE PLAAS DE BEER 448 KS, DISTRIK THABAMOOPOO, TRANSVAAL

Ek, Pieter Gerhardus Jacobus Koornhof, Adjunkminister van Bantoe-administrasie en -onderwys, bepaal en sonder hierby af, namens die Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling kragtens die bevoegdheid hom verleen by regulasie 4 (1) (a) van Hoofstuk 1 van die Regulasies vir die Administrasie en Bestuur van Dorpe in Bantoegebiede, afgekondig by Proklamasie R. 293 van 1962, die grondgebied beskryf in Bylae hiervan as 'n dorp vir die okkupasie, bewoning en ander redelike behoeftes van Bantoes.

P. G. J. KOORNHOF, Adjunk-minister van Bantoe-administrasie en -onderwys.

(Lêer T60/4/1525/6)

SCHEDULE

The farm De Beer 448 KS, 593,805 1 hectares in extent, District of Thabamoopo, as indicated on Diagram SG611/94 approved by the Surveyor-General.

BYLAE

Die plaas De Beer 448 KS, groot 593,805 1 hektaar, distrik Thabamoopo, soos aangetoon op Kaart LG611/94 wat deur die Landmeter-generaal goedgekeur is.

DEPARTMENT OF COLOURED RELATIONS AND REHOBOTH AFFAIRS

No. 1169 30 June 1972

SUMMONING OF THE COLOURED PERSONS REPRESENTATIVE COUNCIL

Under the powers vested in me by section 15 (2) of the Coloured Persons Representative Council Act, 1964 (Act 49 of 1964), I hereby declare that the Fourth Session of the First Coloured Persons Representative Council of the Republic of South Africa will commence at Proteaville on Friday, the fourth day of August 1972, for the dispatch of business.

J. J. LOOTS, Minister of Coloured Affairs.

DEPARTEMENT VAN KLEURLINGBETREKKINGE EN REHOBOTH-AANGELEENTHEDE

No. 1169 30 Junie 1972

BYEENROEPING VAN DIE VERTEENWOORDIGENDE KLEURLINGRAAD

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 15 (2) van die Wet op die Verteenwoordigende Kleurlingraad, 1964 (Wet 49 van 1964), verklaar ek hierby dat die Vierde Sessie van die Eerste Verteenwoordigende Kleurlingraad van die Republiek van Suid-Afrika op Vrydag, die vierde dag van Augustus 1972, te Proteaville 'n aanvang sal neem vir die afhandeling van sake.

J. J. LOOTS, Minister van Kleurlingsake.

DEPARTMENT OF COMMERCE

No. 1170 30 June 1972

FINANCE CHARGES AID SCHEME FOR EXPORTERS

1. The Government has considered proposals of the Commission of Enquiry into the Export Trade of the Republic of South Africa on the Finance Charges Aid Scheme as set forth in Government Notice 1441 of 20 August 1971, and has decided to accept the Commission's recommendations with a view to making the scheme more effective as an incentive to exporters.

2. The new "Finance Charges Aid Scheme for Exporters" comes into operation on 1 July 1972.

3. The object of the scheme is to ease the adverse effect of the commercial banks' present high discount rate for the financing of exports and to enable exporters to retain their competitive position in world markets.

4. The scheme will be administered by the Secretary for Commerce who will accept responsibility for the payment of rebates in respect of all approved applications in terms of the scheme, provided that the value of exports during the period claimed for and on which the rebate is payable, exceeds five thousand rand (R5 000). For this purpose he will appoint a committee consisting of officers of his Department, the Department of Finance and the South African Reserve Bank, which will meet regularly to consider claims for the payment of rebates and generally to ensure the purposeful and proper functioning of the scheme. No adjustments to or changes in the scheme may be introduced unless approved by the Minister of Economic Affairs after consultation with the Minister of Finance.

5. A rebate of 25 per cent on the prevailing rate of interest for the financing of exports is granted. The rate of interest on which the 25 per cent rebate will be calculated will be: "The prime bank overdraft rate as published in the Quarterly Bulletin of the South African Reserve Bank and as was applicable in the middle of the period claimed for". All claims will be calculated for a fixed period of six months, irrespective of the different periods for which exporters allow credit to their foreign buyers.

DEPARTEMENT VAN HANDEL

No. 1170 30 Junie 1972

FINANSIERINGSKOSTE-HULPSKEMA VIR UITVOERDERS

1. Die Regering het voorstelle van die Kommissie van Ondersoek na die Uitvoerhandel van die Republiek van Suid-Afrika oor die Finansieringskoste-hulpskema soos in Goewermentskennisgewing 1441 van 20 Augustus 1971 uiteengesit, oorweeg en besluit om die Kommissie se aanbevelings te aanvaar ten einde die skema as 'n uitvoeraansporing meer doeltreffend te maak.

2. Die nuwe "Finansieringskoste-hulpskema vir Uitvoerders" tree op 1 Julie 1972 in werking.

3. Die doel van die skema is om die nadelige uitwerking van die huidige hoë handelsbankdiskontokoers vir uitvoerfinansiering te verlig en uitvoerders in staat te stel om hul mededingende posisie in wêreldmarkte te behou.

4. Die skema sal deur die Sekretaris van Handel geadministreer word en hy sal verantwoordelikheid vir die betaling van kortings ten opsigte van alle goedgekeurde aansoeke ingevolge die skema aanvaar, met dien verstande dat die waarde van uitvoere gedurende die tydperk waarvoor geëis word en waarop die korting betaalbaar is, meer as vyfduisend rand (R5 000) beloop. Vir hierdie doel sal hy 'n komitee, bestaande uit beamptes van sy Departement, die Departement van Finansies en die Suid-Afrikaanse Reserwebank, aanstel wat gereeld sal vergader om eise vir die betaling van kortings te oorweeg en in die algemeen die doelgerigte en behoorlike funksionering van die skema te verseker. Geen aanpassings of veranderings in die skema sal aangebring word nie, tensy dit deur die Minister van Ekonomiese Sake, na raadpleging met die Minister van Finansies, goedgekeur is.

5. 'n Korting van 25 persent op die heersende rentekoers ter finansiering van uitvoere, word toegestaan. Die rentekoers waarteen die 25 persent korting bereken sal word, sal wees: "Die prima bankoortrekkingskoers soos dit in die Kwartaalblad van die Reserwebank gepubliseer word en wat in die middel van die tydperk waarvoor geëis word, van toepassing was". Alle eise sal vir 'n vasgestelde tydperk van ses maande bereken word, afgesien van die verskillende tydperke waarvoor uitvoerders krediet aan hul buitelandse kopers toelaat.

6. Only goods manufactured in the Republic of South Africa or in South-West Africa will qualify for the payment of interest rebates under the scheme. Such goods are regarded as having been so manufactured, if—

(i) at least 25 per cent, or such percentage as the Minister of Economic Affairs may determine from time to time, of the production costs of the goods is represented by materials produced and/or labour performed in the Republic of South Africa and/or in South-West Africa;
(ii) the last manufacturing process in the production of such goods took place in the Republic of South Africa or in South-West Africa.

7. Any primary product, by which is meant all agricultural products or any mineral in its natural unprocessed form, excluding andalusite, stibnite and vermiculite, of which the chemical composition remains unchanged, will not qualify for the rebates payable under the scheme. Any product which has not undergone a recognised manufacturing process will likewise be excluded from the facilities available under the scheme. For example, packing, mixing or blending, grinding or milling, or any similar process will not be regarded as true manufacturing processes unless the form of the product is basically changed by such process. Products of ferro-alloys will qualify for a rebate under the scheme. All applications for the registration of mineral procuts will be considered after consultation with the Department of Mines. The following metals will also not qualify for a rebate under the scheme: Pig iron, cast iron and spiegeleisen, in pigs, blocks, lumps and similar forms; sheets and plates of iron or steel, whether hot-rolled or cold-rolled; unrefined and refined copper; unwrought nickel; unwrought lead; high carbon steel; precious metals or any matter containing copper, nickel or precious metals.

8. Exports to Botswana, Lesotho and Swaziland will not qualify for rebates under the scheme.

9. Exporters of capital goods or any other kinds of products who made use of the favourable rates of interest under the export credit financing facilities of the Department of Commerce will not be allowed to submit any claims under the scheme in respect of such export transactions.

10. Individual subsidiaries of a group of companies will not normally qualify for seperate registration under the scheme. Only a single claim by the controlling company on behalf of all subsidiaries will be considered unless, owing to special circumstances, the Committee which administers the implementation of the scheme makes an exception.

11. "Export value" embraces only those goods that, in terms of paragraphs 6 to 9, qualify for rebates under the scheme. The portion of the export value on which the rebate will be payable in terms of section 7 during the period claimed for, is as follows:

A. (i) 50 per cent if the exporter has not increased his export value by at least 10 per cent above his basic export turnover (paragraph 12); or
(ii) 75 per cent if the exporter has increased his export value by between 10 and 20 per cent over and above his basic export turnover; or
(iii) 100 per cent if the exporter has increased his export value by more than 20 per cent over and above his basic export turnover.

6. Slegs goedere wat in die Republiek van Suid-Afrika of in Suidwes-Afrika vervaardig is, sal vir die betaling van rentekortings ingevolge die skema kwalifiseer. Sodanige goedere word geag aldus vervaardig te wees, as—

(i) minstens 25 persent, of sodanige persentasie as wat die Minister van Ekonomiese Sake van tyd tot tyd mag bepaal, van die produksiekoste van die goedere aan materiale geproduseer en/of arbeid verrig in die Republiek van Suid-Afrika en/of in Suidwes-Afrika, bestee is;
(ii) die laaste vervaardigingsproses by die produksie van daardie goedere in die Republiek van Suid-Afrika of in Suidwes-Afrika plaasgevind het.

7. Enige primêre produk, waaronder verstaan word alle landbouprodukte of enige mineraal, uitgesonderd andalusiet, stibniet en vermikuliet, in 'n natuurlike onverwerkte vorm, waarvan die chemiese samestelling nie verander is nie, sal nie vir die kortings wat ingevolge die skema betaalbaar is, kwalifiseer nie; asook enige produk wat nie 'n erkende vervaardigingsproses ondergaan het nie, byvoorbeeld, die prossese van verpakking, vermenging, maal, of enige dergelike bewerking sal nie as 'n ware vervaardigingsproses beskou word nie, tensy die proses 'n basiese vormverandering van die produk meebring. Ferrolegeringsprodukte sal vir 'n korting onder die skema in aanmerking kom. Alle aansoeke vir registrasie van minerale produkte sal na raadpleging met die Departement van Mynwese oorweeg word. Die volgende metale sal ook nie vir 'n korting onder die skema kwalifiseer nie: Ru-yster, giet- en spieëlyster, in ru-blokke, blokke, stukke en dergelike vorms; fynplate en plate van yster of staal, warm- of koudgewals; ongeraffineerde sowel as geraffineerde koper; ongesmede nikkel; ongesmede lood; hoëkoolstofstaal, edelmetale of enige gesmelte produk wat koper, nikkel of edelmetale bevat.

8. Uitvoere na Botswana, Lesotho en Swaziland sal nie vir kortings onder die skema kwalifiseer nie.

9. Uitvoerders van kapitaalgoedere of enige ander soort produkte wat van die gunstige rentekoerse ingevolge die Departement van Handel se uitvoerkredietfinansieringsfasiliteite gebruik gemaak het, sal geen eise ten opsigte van sodanige uitvoertransaksies onder die skema mag indien nie.

10. Individuele filiale van 'n groep van maatskappye sal nie normaalweg vir afsonderlike registrasie onder die skema kwalifiseer nie. Slegs 'n enkele eis deur die beherende maatskappy ten behoewe van alle filiale sal oorweeg word, tensy die Komitee wat die uitvoering van die skema administreer, weens besondere omstandighede 'n uitsondering maak.

11. "Uitvoerwaarde" omvat slegs daardie goedere wat ingevolge paragrawe 6 tot 9 vir kortings onder die skema kwalifiseer. Die gedeelte van die uitvoerwaarde waarop die korting volgens artikel 7 gedurende die tydperk waarvoor geëis word, betaalbaar sal wees, is soos volg:

A. (i) 50 persent as die uitvoerder nie sy uitvoerwaarde met minstens 10 persent bokant sy basiese uitvoeromset (paragraaf 12) verhoog het nie; of
(ii) 75 persent as die uitvoerder sy uitvoerwaarde tussen 10 en 20 persent bokant sy basiese uitvoeromset verhoog het; of
(iii) 100 persent as die uitvoerder sy uitvoerwaarde met meer as 20 persent bokant sy basiese uitvoeromset verhoog het.

Notwithstanding the foregoing, the rebate may also be calculated on:

B. (i) 75 per cent of the export value if the exporter exports between 15 and 25 per cent of the actual sales value of total production; or

(ii) 100 per cent of the export value if the exporter exports more than 25 per cent of the actual sales value of total production.

12. The basic export turnover against which an exporter's export value is measured will be calculated on—

(i) the average export value of the three poorest export years during the preceeding five financial years of the exporter; or

(ii) the average export value during the financial years in which exports actually occurred, if this period is less than three years.

13. The rebate payable to an exporter will be calculated on the actual or expected receipts of foreign exchange as reflected on Forms F178, which are used by the South African Reserve Bank for the purposes of foreign exchange control. Manufacturers and exporters are required to base their claims on the financial years normally applicable to their respective companies.

14. Any application for the payment of a rebate must be accompanied by an audit certificate issued by a registered, qualified auditor, certifying that the export values furnished in such claim correspond with the actual or expected receipts of foreign exchange as indicated on the Forms F178 concerned. Should the Reserve Bank's foreign exchange control forms, which apply to exports *prior to* 1 July 1972, the date on which the scheme came into operation, not be obtainable from commercial banks, auditors may base their certificates in substantiaion of claims on the financial records *up to* 30 June 1972 of the firms concerned. Certified copies or photocopies of Forms F178 relating to every claim must be kept available for a period of three years for submission to the Department of Commerce, if required.

15. Each audit certificate must furnish full information in support of the applicant's claims for payment of the rebates submitted under the scheme. Such information must be based specifically on the requirements set forth in paragraphs 9 to 12 inclusive, so as to provide supporting evidence that the claims relate to exports of *bona fide* manufactured goods produced in the Republic of South Africa or in South-West Africa, and do not include goods specifically excluded in terms of this notice.

16. Applications for the payment of rebates must be submitted annually in respect of the applicant's exports during each financial year. Such applications will be considered only if they reach the Secretary for Commerce, Private Bag X84, Pretoria, within four months of the closing date of the financial year on which each such application is based.

17. Industrialists and exporters who wish to avail themselves of the facilities under the scheme should first apply to the Secretary for Commerce, Private Bag X84, Pretoria. for registration, both for inclusion in this scheme and for the purposes of the South African Export Trade Directory. Claims for rebates in terms of this scheme will be considered only after applications for registration for both purposes have been approved. Factors such as the following will be taken into account when an application for registration is considered: The applicant's export performance in the past; his potential export ability; the extent of present or contemplated export planning; the export markets concerned and the measure of competition being experienced in foreign markets. Approved registrations may be reconsidered after a year.

Afgesien van die voorgaande sal die korting ook bereken kan word op:

B. (i) 75 persent van die uitvoerwaarde as die uitvoerder tussen 15 en 25 persent van die werklike verkoopswaarde van totale produksie uitvoer; of

(ii) 100 persent van die uitvoerwaarde as die uitvoerder meer as 25 persent van die werklike verkoopswaarde van totale produksie uitvoer.

12. Die basiese uitvoeromset waarteen 'n uitvoerder se uitvoerwaarde gemeet word, sal bereken word op—

(i) die gemiddelde uitvoerwaarde van die drie swakste uitvoerjare gedurende die voorafgaande vyf boekjare van die uitvoerder; of

(ii) die gemiddelde uitvoerwaarde gedurende die boekjare waarin uitvoere werklik plaasgevind het, indien hierdie tydperk minder as drie jaar beloop.

13. Die korting betaalbaar aan 'n uitvoerder, sal bereken word op die werklike of verwagte ontvangste van buitelandse valuta soos aangedui op vorms F178 wat deur die Suid-Afrikaanse Reserwebank vir valutabeheerdoeleindes gebruik word. Vervaardigers en uitvoerders moet hul eise op die boekjare wat in hul onderskeie maatskappye van toepassing is, baseer.

14. Alle aansoeke om die betaling van kortings moet van 'n ouditsertifikaat wat deur 'n geregistreerde gekwalifiseerde ouditeur uitgereik is, vergesel word, waarin gesertifiseer word dat die uitvoerwaardes wat in die eis verstrek is met die werklike of verwagte ontvangste van buitelandse valuta, soos op die betrokke vorms F178 aangedui, ooreenstem. Indien die Reserwebank se valutabeheervorms wat op uitvoere *voor* 1 Julie 1972 toe die skema in werking getree het, betrekking het, nie van handelsbanke verkry kan word nie, kan ouditeursertifikate ter stawing van eise op die firmas se finansiële rekords *tot* 30 Junie 1972, gebaseer word. Gesertifiseerde of fotoafdrukke van vorms F178 wat op elke eis betrekking het, moet vir 'n tydperk van drie jaar vir voorlegging, indien nodig, aan die Departement van Handel beskikbaar gehou word.

15. Elke ouditsertifikaat moet volledige inligting ter stawing van die applikant se eise vir betaling van die kortings ingevolge die skema verstrek. Sodanige inligting moet spesifiek op die vereistes wat in paragrawe 9 tot en met 12 uiteengesit is, gebaseer word, sodat daar stawende getuienis is dat die eise betrekking het op uitvoere van bona fide vervaardigde goedere wat in die Republiek van Suid-Afrika of in Suidwes-Afrika vervaardig is en nie goedere insluit wat spesifiek ingevolge hierdie kennisgewing uitgesluit is nie.

16. Aansoeke om die betaling van kortings moet jaarliks ten opsigte van die applikant se uitvoere gedurende elke finansiële jaar ingedien word. Sodanige aansoeke sal oorweeg word slegs indien hulle die Sekretaris van Handel, Privaatsak X84, Pretoria, binne vier maande na die beëindiging van die finansiële jaar waarop elke sodanige aansoek gebaseer is, bereik.

17. Nyweraars en uitvoerders wat van die fasiliteite van die skema gebruik wil maak, moet vooraf by die Sekretaris van Handel, Privaatsak X84, Pretoria, om registrasie aansoek doen, beide vir insluiting onder hierdie skema sowel as vir doeleindes van die Register van Suid-Afrikaanse Uitvoerders. Eise vir kortings ingevolge hierdie skema sal slegs oorweeg word nadat aansoeke om registrasie vir beide doeleindes goedgekeur is. Faktore soos die volgende sal by die oorweging van 'n registrasie-aansoek in ag geneem word: Die aansoeker se uitvoerprestasies in die verlede; sy potensiële uitvoervermoë, die mate van uitvoerbeplanning wat geskied of wat beoog word; die uitvoermarkte wat betrokke is en die graad van mededinging wat in buitelandse markte ondervind word. Goedgekeurde registrasies kan na verloop van 'n jaar in heroorweging geneem word.

18. All information furnished by industrialists and exporters in connection with the administration of the scheme, whether related to their businesses or not, will be treated as strictly confidential.

19. Any rebates paid to manufacturers and exporters under the scheme will not be subject to income tax.

20. Firms and organisations at present registered under the scheme as defined in Notice 1441 of 20 August 1971 whose financial years end on or before 30 June 1972 may continue to submit claims in terms of Notice 1441 for the entire periods of their respective financial years. Firms and organisations whose financial years end after 30 June 1972 will have to submit two separate claims. For the period from the beginning of their financial year to 30 June 1972 the claims should be drawn up in accordance with the provisions of Notice 1441. For the period from 1 July 1972 to the end of their financial year a separate claim should be drawn up in accordance with the provisions of Notice 1170 of 30 June 1972. The claims should reach the Secretary for Commerce within four months of the closing date of the claimant's financial year.

DEPARTMENT OF THE INTERIOR

No. 1154 30 June 1972

CUSTOMS AND EXCISE ACT, 1964.—INDECENT, OBSCENE AND OBJECTIONABLE GOODS—LIST B223

The Publications Control Board has by virtue of the powers vested in it by subsection (3) (a) of section 113 of the Customs and Excise Act, 1964 (Act 91 of 1964), declared that the undermentioned goods are objectionable:

Publications

1. *Die Schöne Konkubine.* By Feng Meng Lung.
2. *Doctor Cobb's Game.* By R. V. Cassill.
3. *Prudence Dictates.* By Jonathan Street.

No. 1155 30 June 1972

PUBLICATIONS AND ENTERTAINMENTS ACT, 1963.—UNDESIRABLE PUBLICATIONS AND OBJECTS—LIST A237

The Publications Control Board has by virtue of the power vested in it by section 8 of the Publications and Entertainments Act, 1963 (Act 26 of 1963), declared the undermentioned publications and/or objects to be undesirable:

Publications

1. *Private Parts and Public Places.* By Robin Cook.
2. *Right On!* By Maryl Levine and John Naisbih.
3. *Seduce and Destroy.* By James Eastwood.
4. *The Young Prey.* By Hillary Waugh.

No. 1156 30 June 1972

PUBLICATIONS AND ENTERTAINMENTS ACT, 1963.—UNDESIRABLE PUBLICATIONS AND OBJECTS—CORRECTION OF GOVERNMENT NOTICE 1040, DATED 16 JUNE 1972

Item 1 should read:

"Black Money"—Ross Macdonald (cover only). Fontana Book 2408.

No. 1157 30 June 1972

PUBLICATIONS AND ENTERTAINMENTS ACT, 1963.—UNDESIRABLE PUBLICATIONS AND OBJECTS—CORRECTION OF GOVERNMENT NOTICE 1041, DATED 16 JUNE 1972

Item 4 should read:

"Would You Believe Love?"—Eliza McCormack.

18. Alle inligting wat deur nyweraars en uitvoerders in verband met die skema verstrek word, sal streng vertroulik behandel word ongeag of dit op hul besigheid betrekking het of nie.

19. Kortings wat ingevolge die skema aan vervaardigers en uitvoerders betaal word, sal nie aan die betaling van inkomstebelasting onderworpe wees nie.

20. Firmas en organisasies wat tans onder die skema soos omskryf in Kennisgewing 1441 van 20 Augustus 1971 geregistreer is en waarvan die finansiële jare voor of op 30 Junie 1972 ten einde loop, sal nog vir die volle tydperke van hul onderskeie finansiële jare eise ingevolge Kennisgewing 1441 kan indien. Firmas en organisasies waarvan die finansiële jare na 30 Junie 1972 ten einde loop, sal twee afsonderlike eise moet indien. Vir die tydperk vanaf die begin van hul finansiële jaar tot 30 Junie 1972 moet die eise ooreenkomstig die bepalings van Kennisgewing 1441 opgestel word. Vir die tydperk vanaf 1 Julie 1972 tot die einde van hul finansiële jaar moet 'n afsonderlike eis ooreenkomstig die bepalings van Kennisgewing 1170 van 30 Junie 1972 opgestel word. Die eise moet die Sekretaris van Handel binne vier maande na afloop van die eiser se finansiële jaar bereik.

DEPARTEMENT VAN BINNELANDSE SAKE

No. 1154 30 Junie 1972

DOEANE- EN AKSYNSWET, 1964.—ONBETAAMLIKE, ONWELVOEGLIKE EN AANSTOOTLIKE GOEDERE—LYS B223

Die Raad van Beheer oor Publikasies het kragtens die bevoegdheid hom verleen by subartikel (3) (a) van artikel 113 van die Doeane- en Aksynswet, 1964 (Wet 91 van 1964), beslis dat die onderstaande goedere aanstootlik is:

Publikasies

1. *Die Schöne Konkubine.* Deur Feng Meng Lung.
2. *Doctor Cobb's Game.* Deur R. V. Cassill.
3. *Prudence Dictates.* Deur Jonathan Street.

No. 1155 30 Junie 1972

WET OP PUBLIKASIES EN VERMAAKLIKHEDE, 1963.—ONGEWENSTE PUBLIKASIES EN VOORWERPE—LYS A237

Die Raad van Beheer oor Publikasies het kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel 8 van die Wet op Publikasies en Vermaaklikhede, 1963 (Wet 26 van 1963), die onderstaande publikasies en/of voorwerpe as ongewens verklaar:

Publikasies

1. *Private Parts and Public Places.* Deur Robin Cook.
2. *Right On!* Deur Maryl Levine and John Naisbih.
3. *Seduce and Destroy.* Deur James Eastwood.
4. *The Young Prey.* Deur Hillary Waugh.

No. 1156 30 Junie 1972

WET OP PUBLIKASIES EN VERMAAKLIKHEDE, 1963.—ONGEWENSTE PUBLIKASIES EN VOORWERPE—VERBETERING VAN GOEWERMENTSKENNISGEWING 1040, GEDATEER 16 JUNIE 1972

Item 1 moet lees:

"Black Money"—Ross Macdonald (slegs die omslag). Fontana Book 2408.

No. 1157 30 Junie 1972

WET OP PUBLIKASIES EN VERMAAKLIKHEDE, 1963.—ONGEWENSTE PUBLIKASIES EN VOORWERPE—VERBETERING VAN GOEWERMENTSKENNISGEWING 1041, GEDATEER 16 JUNIE 1972

Item 4 moet lees:

"Would You Believe Love?"—Eliza McCormack.

No. 1158 30 June 1972

PUBLICATIONS AND ENTERTAINMENTS ACT, 1963.—UNDESIRABLE PUBLICATIONS AND OBJECTS—CORRECTION OF GOVERNMENT NOTICE 1041, DATED 16 JUNE 1972

Item 5 should read:

"Sexual Behavior", Vol. 2, No. 2, February 1972. Published by Interpersonal Publications Inc., New York.

No. 1159 30 June 1972

PUBLICATIONS AND ENTERTAINMENTS ACT, 1963.—UNDESIRABLE PUBLICATIONS AND OBJECTS—CORRECTION OF GOVERNMENT NOTICE 1041, DATED 16 JUNE 1972

Item 6 should read:

Haare (*Hair*). Polydor 249266 Stereo 33. Gema. Made in Germany. Originalaufnahme der deutschsprachigen Uraufführung. Musical von Galt Mcdermot, Gerome Ragni und James Rado. Deutsche Texte: Walter Brandin.

No. 1160 30 June 1972

PUBLICATIONS CONTROL BOARD.—UNDESIRABLE PUBLICATIONS AND OBJECTS—AMENDMEND OF LIST

Notice is hereby given that the prohibition on the importation into and circulation in the Republic of the undermentioned publication has been lifted.

"Cosmopolitan", First Issue, March 1972. Published by the National Magazine Co. Ltd., London.

Government Notice 757, dated 5 May 1972, is amended accordingly.

No. 1161 30 June 1972

PUBLICATIONS CONTROL BOARD.—UNDESIRABLE PUBLICATIONS AND OBJECTS—AMENDMEND OF LIST

Notice is hereby given that the prohibition on the importation into and circulation in the Republic of the undermentioned publication has been lifted.

To Sir, With Love—E. R. Braithwaite (Resubmission).

Government Notice 288, dated 22 February 1963, is amended accordingly.

No. 1140 30 June 1972

PUBLICATION OF PARTICULARS IN TERMS OF SECTION 10*TER* OF THE SUPPRESSION OF COMMUNISM ACT, 1950 (ACT 44 OF 1950)

The Minister of Justice has, in terms of section 10*ter* of the Suppression of Communism Act, 1950 (Act 44 of 1950), approved the publication in the *Gazette* of the following particulars of notices issued in terms of section 5 (1) (e) of the said Act whereby the person mentioned below was prohibited from attending gatherings:

No. 1158 30 Junie 1972

WET OP PUBLIKASIES EN VERMAAKLIKHEDE, 1963.—ONGEWENSTE PUBLIKASIES EN VOORWERPE—VERBETERING VAN GOEWERMENTSKENNISGEWING 1041, GEDATEER 16 JUNIE 1972

Item 5 moet lees:

"Sexual Behavior", Vol. 2, No. 2, Februarie 1972. Gepubliseer deur Interpersonal Publications Inc., New York.

No. 1159 30 Junie 1972

WET OP PUBLIKASIES EN VERMAAKLIKHEDE, 1963.—ONGEWENSTE PUBLIKASIES EN VOORWERPE—VERBETERING VAN GOEWERMENTSKENNISGEWING 1041, GEDATEER 16 JUNIE 1972

Item 6 moet lees:

Haare (*Hair*). Polydor 249266 Stereo 33. Gema. Gemaak in Duitsland. Originalaufnahme der deutschsprachigen Uraufführung. Musical von Galt Mcdermot, Gerome Ragni und James Rado. Deutsche Texte: Walter Brandin.

No. 1160 30 Junie 1972

RAAD VAN BEHEER OOR PUBLIKASIES.—ONGEWENSTE PUBLIKASIES EN VOORWERPE—WYSIGING VAN LYS

Hierby word bekendgemaak dat die verbod op die invoer en verspreiding in die Republiek van die ondergenoemde publikasie opgehef is:

"Cosmopolitan", First Issue, March 1972. Gepubliseer deur National Magazine Co. Ltd., London.

Goewermentskennisgewing 757 van 5 Mei 1972, word dienooreenkomstig gewysig.

No. 1161 30 Junie 1972

RAAD VAN BEHEER OOR PUBLIKASIES.—ONGEWENSTE PUBLIKASIES EN VOORWERPE—WYSIGING VAN LYS

Hierby word bekendgemaak dat die verbod op die invoer en verspreiding in die Republiek van die ondergenoemde publikasie opgehef is:

To Sir, With Love—E. R. Braithwaite (Resubmissie).

Goewermentskennisgewing 288 van 22 Februarie 1963, word dienooreenkomstig gewysig.

No. 1140 30 Junie 1972

AFKONDIGING VAN BESONDERHEDE INGEVOLGE ARTIKEL 10*TER* VAN DIE WET OP DIE ONDERDRUKKING VAN KOMMUNISME, 1950 (WET 44 VAN 1950)

Die Minister van Justisie het ingevolge artikel 10*ter* van die Wet op die Onderdrukking van Kommunisme, 1950 (Wet 44 van 1950), sy goedkeuring geheg aan die afkondiging in die *Staatskoerant* van onderstaande besonderhede van kennisgewings wat ingevolge artikel 5 (1) (e) van genoemde Wet uitgereik is en waarby ondergenoemde persoon verbied is om byeenkomste by te woon:

Name Naam	Address mentioned in notice Adres in kennisgewing vermeld	Date on which notice was delivered Datum waarop kennisgewing oorhandig is	Date on which notice expires Datum waarop kennisgewing verstryk
Naidoo, Moorgiah Dhanabathy.....	208 Scala Mansions, 1 Mansfield Road/-weg, Durban	23/5/72	31/5/77

No. 1148 30 June 1972

REDEFINITION OF THE LOCAL LIMITS OF THE DISTRICTS IN SOUTH-WEST AFRICA AND MATTERS INCIDENTAL THERETO

Under and by virtue of the powers vested in me by section 2 (a), (c), (e), (f), (h), (j) and (l) of the Magistrates' Courts Act, 1944 (Act 32 of 1944), I, Petrus Cornelius Pelser, hereby give notice that with effect from 1 August 1972, I—

(a) redefine the local limits of the districts mentioned in column 1 as indicated in the relative Schedules mentioned in column 2 opposite each district;

(b) declare that the districts mentioned in column 1 will henceforth be known under the names indicated in column 3;

(c) establish courts for the districts mentioned in column 3;

(b) in die geval van 'n los werknemer, vir elke dag waarop stukwerk verrig word, minstens die bedrag wat hy so 'n werknemer vir daardie dag sou moes betaal het as hy hom 'n tydloon betaal het.

(2) 'n Werkgewer moet 'n lys van die besoldiging in subklousule (1) bedoel, op 'n opvallende plek in sy bedryfsinrigting opgeplak hou.

(3) 'n Werkgewer wat voornemens is om 'n bestaande stukwerkstelsel of die besoldiging wat daarvolgens van toepassing is, af te skaf of te wysig, moet aan sy werknemer wat volgens sodanige stelsel werk, minstens een maand kennis van sodanige voorneme gee: Met dien verstande dat 'n werkgewer en sy werknemer oor 'n langer kennisgewingtermyn ooreen kan kom, en in so 'n geval mag die werkgewer nie vir 'n korter termyn as dié waaroor daar ooreengekom is, kennis gee nie.

(4) Ondanks andersluidende bepalings in hierdie klousule, hoef 'n werkgewer nie 'n los werknemer kennis te gee van sy voorneme om 'n stukwerkstelsel in te voer of af te skaf of te wysig nie.

(5) 'n Handelsreisiger wat volgens 'n ooreenkoms met sy werkgewer kommissiewerk onderneem, moet, voordat sodanige werk begin, deur sy werkgewer voorsien word van 'n juiste kopie van die ooreenkoms of 'n verklaring wat die bepalings van die ooreenkoms bevat en wat moet insluit—

(a) die week- of maandloon aan die handelsreisiger betaalbaar, indien sodanige loon hoër is as dié wat by klousule 3 (1) vir so 'n handelsreisiger voorgeskryf word, asook die kommissietarief of tariewe en die voorwaardes waarop hy die reg daarop verkry;
(b) die dag van die week of maand waarop die verdiende kommissie verskuldig en betaalbaar is;
(c) die gebied waarin daar van die handelsreisiger vereis word of hy toegelaat word om te werk;
(d) die tipe, beskrywing, getal, hoeveelheid of waarde van die bestellings (individueel, weekliks, maandeliks of hoe ook al) wat die werkgewer van tyd tot tyd bereid is om te aanvaar; en
(e) die dag waarop die kommissie op bestellings wat die werkgewer voor die beëindiging van die dienskontrak aanvaar het, betaal moet word: Met dien verstande dat sodanige betaaldag uiterlik die laaste werkdag moet wees van die maand wat volg op die maand waarin die diens beëindig is.

(6) The terms of the agreement referred to in subclause (5) shall be financially not less favourable to the traveller than the relative terms of this Determination: Provided that the remuneration of a traveller on commission work shall be payable on the day stipulated in the agreement, and in this respect the provisions of clause 4 (1) shall not apply to such payment.

(7) Save as provided in clause 4 (6), an employer shall pay to his traveller who is employed on commission work remuneration at not less than the rate agreed upon between them: Provided that, irrespective of the number or value of orders accepted by the employer, the remuneration of such traveller in respect of any period shall be not less than that which would be due to him for that period in terms of clause 3 (1).

(8) An employer or a traveller, who intends to cancel, or to negotiate for an alteration of, an agreement in regard to commission work, shall give written notice of such intention and the period of such notice shall be not less than that required to terminate the contract of employment of such traveller in terms of clause 12.

10. UNIFORMS, OVERALLS AND PROTECTIVE CLOTHING

An employer shall supply and maintain in serviceable condition, free of charge, any uniform, overall, gumboots or other protective clothing which he requires his employee to wear or which by any law he is compelled to provide for his employee and any such uniform, overall, gumboots or other protective clothing shall remain the property of the employer.

11. PROHIBITION OF EMPLOYMENT

An employer shall not employ any person under the age of 15 years.

12. TERMINATION OF CONTRACT OF EMPLOYMENT

(1) An employer or his employee, other than a casual employee, who desires to terminate the contract of employment, shall give—

(a) during the first four weeks of employment, not less than one work day's,

(b) after the first four weeks of employment, not less than one week's,

notice of termination of contract, or an employer or employee may terminate the contract without notice by paying the employee or paying the employer, as the case may be, in lieu of such notice not less than—

(i) in the case of one work day's notice, the daily wage which the employee is receiving at the time of such termination:

(ii) in the case of one week's notice, the weekly wage which the employee is receiving at the time of such termination:

Provided that this shall not affect—

(i) the right of an employer or his employee to terminate the contract without notice for any cause recognised by law as sufficient;

(ii) any written agreement between an employer and his employee which provides for a period of notice of equal duration on both sides and for longer than that prescribed in this clause;

(iii) the operation of any forfeitures or penalties which by law may be applicable in respect of an employee who deserts;

provided further that where the wage of an employee at the date of termination has been reduced by deductions in respect of short-time, the expression "is receiving at the time of such termination" shall, when an employer pays an employee in lieu of notice, be deemed to mean "would have received at the time of such termination if no deductions had been made in respect of short-time".

(2) Where there is an agreement in terms of the second proviso to subclause (1), the payment in lieu of notice shall be commensurate with the period of notice agreed upon.

(3) The notice prescribed in subclause (1) may be given on any work day: Provided that—

(i) the period of notice shall not run concurrently with nor shall notice be given during an employee's absence on leave granted in terms of clause 6 or any period of military training which an employee is undergoing in pursuance of the Defence Act, 1957;

(ii) notice shall not be given during an employee's absence on sick leave granted in terms of clause 7.

(4) Notwithstanding anything to the contrary in this Determination, where an employee terminates his contract of employment by leaving his employment without having given and served the required period of notice or without paying his employer in lieu of notice, his employer may appropriate to himself, from any moneys which he owes to such employee by virtue of any provisions of this Determination, an amount of not more than that which such employee would have had to pay him in lieu of notice

(6) Die bepalings van die ooreenkoms wat in subklousule (5) bedoel word, mag vir die handelsreisiger geldelik nie minder voordelig as die betrokke bepalings van hierdie Vasstelling wees nie: Met dien verstande dat die besoldiging van 'n handelsreisiger wat kommissiewerk verrig, betaalbaar is op die dag wat in die ooreenkoms bepaal word, en in hierdie opsig is die bepalings van klousule 4 (1) nie op sodanige betaling van toepassing nie.

(7) Behoudens die bepalings van klousule 4 (6), moet 'n werkgewer sy handelsreisiger wat kommissiewerk onderneem, minstens die besoldiging betaal waaroor hulle ooreengekom het: Met dien verstande dat, ongeag die getal of waarde van die bestellings wat die werkgewer aanvaar, die besoldiging van so 'n handelsreisiger vir elke tydperk nie minder mag wees nie as dié wat ingevolge klousule 3 (1) vir daardie tydperk aan hom verskuldig sou wees.

(8) 'n Werkgewer of 'n handelsreisiger wat voornemens is om 'n ooreenkoms in verband met kommissiewerk op te sê of oor 'n wysiging daarvan te onderhandel, moet van sodanige voorneme skriftelik kennis gee en die termyn van sodanige kennisgewing mag nie korter wees nie as dié wat by klousule 12 vir die beëindiging van die dienskontrak van so 'n handelsreisiger vereis word.

10. UNIFORMS, OORPAKKE EN BESKERMENDE KLERE

'n Werkgewer moet alle uniforms, oorpakke, rubberstewels of ander beskermende klere wat hy van sy werknemer vereis om te dra of wat hy ingevolge enige wet verplig is om aan sy werknemer te verskaf, gratis verskaf en in 'n bruikbare toestand hou; en alle sodanige uniforms, oorpakke, rubberstewels of ander beskermende klere bly die eiendom van die werkgewer.

11. VERBOD OP INDIENSNEMING

'n Werkgewer mag niemand onder die leeftyd van 15 jaar in diens neem nie.

12. BEËINDIGING VAN DIENSKONTRAK

(1) 'n Werkgewer of sy werknemer, uitgesonderd 'n los werknemer, wat die dienskontrak wil beëindig, moet—

(a) gedurende die eerste vier weke diens, minstens een werkdag,

(b) na die eerste vier weke diens, minstens een week,

vooraf kennis van die beëindiging van die kontrak gee, of 'n werkgewer of 'n werknemer kan die kontrak sonder kennisgewing beëindig deur, in plaas van sodanige kennisgewing, aan die werknemer of die werkgewer, na gelang van die geval, te betaal—

(i) in die geval van een werkdag kennisgewing, minstens die dagloon wat die werknemer ten tyde van sodanige beëindiging ontvang;

(ii) in die geval van een week kennisgewing, minstens die weekloon wat die werknemer ten tyde van sodanige beëindiging ontvang;

Met dien verstande dat—

(i) die reg van 'n werkgewer of sy werknemer om die kontrak op 'n regsgeldige grond sonder kennisgewing te beëindig;

(ii) 'n skriftelike ooreenkoms tussen 'n werkgewer en sy werknemer waarin voorsiening gemaak word vir 'n kennisgewingstermyn wat vir beide partye ewe lank is en langer is as dié wat in hierdie klousule voorgeskryf word;

(iii) die werking van 'n verbeuring of boete wat regtens van toepassing mag wees op 'n werknemer wat dros;

nie hierdeur geraak word nie; met dien verstande voorts dat, indien die loon van 'n werknemer op die datum van die beëindiging verminder is deur aftrekkings ten opsigte van korrtyd en die werkgewer hom betaal in plaas van kennis te gee, die uitdrukking "ten tyde van sodanige beëindiging ontvang" geag word te beteken "ten tyde van sodanige beëindiging sou ontvang het as geen bedrag weens korrtyd afgetrek was nie".

(2) Indien daar 'n ooreenkoms ingevolge die tweede voorbehoudsbepaling van subklousle (1) bestaan, moet die betaling in plaas van kennisgewing eweredig wees aan die kennisgewingstermyn waaroor daar ooreengekom is.

(3) Die kennisgewing by subklousule (1) voorgeskryf, kan op enige werkdag geskied: Met dien verstande dat—

(i) die kennisgewingstermyn nie mag saamval nie met, en die kennisgewing nie mag geskied nie gedurende 'n werknemer se afwesigheid met verlof ingevolge klousule 6 of enige tydperk van militêre opleiding wat 'n werknemer ingevolge die Verdedigingswet, 1957,ondergaan;

(ii) daar nie gedurende 'n werknemer se afwesigheid met siekteverlof ooreenkomstig klousule 7 kennis gegee mag word nie.

(4) Ondanks andersluidende bepalings in hierdie Vasstelling kan 'n werkgewer, in die geval waar 'n werknemer sy dienskontrak beëindig deur sy diens te verlaat sonder om kennis te gee en sonder om die kennisgewingstermyn uit die dien of sonder om sy werkgewer te betaal in plaas van kennis te gee, uit enige geld wat hy sodanige werknemer uit hoofde van enige bepaling van hierdie Vasstelling skuld, aan homself 'n bedrag toeëin van hoogstens dié wat sodanige werknemer hom sou moes betaal het in plaas van kennis te gee.

13. CERTIFICATE OF SERVICE

Except where a contract of employment of an employee is terminated on the ground of desertion or where the employee is a casual employee, the employer shall upon termination of any contract of employment furnish the employee with a certificate of service substantially in the form prescribed in the Schedule to this Determination showing the full names of the employer and of the employee, the occupation of the employee, the date of commencement and the date of termination of the contract and the weekly wage of the employee on the date of such termination.

SCHEDULE

I/We (a) .....
carrying on trade in the Cement Products Industry at.....
.....
.....
hereby certify that.....
was employed by me/us (a) from the.....day
of.....19..... to the.....day
of.....19..... as (b).....
At the termination of employment his/her (a) wage was.....rand
.....cents per week.

.....
Date..... (Signature of employer or authorised representative)

(a) Delete whichever inapplicable.
(b) State occupation in which employee was wholly or mainly engaged, e.g. clerk, labourer, Grade I employee.

H. W. TINDALE, Chairman.
I. J. CLAASSENS, Member.
I. J. DE VILLIERS, Additional Member.
D. J. ODENDAAL, Secretary.
Pretoria, 22 February 1972.

13. DIENSSERTIFIKAAT

Behalwe waar 'n werknemer se dienskontrak op grond van diensverlating beëindig word of waar die werknemer 'n los werknemer is, moet die werkgewer by beëindiging van enige dienskontrak die werknemer van 'n dienssertifikaat voorsien wat wesenlik die vorm het soos in die Bylae van hierdie Vasstelling voorgeskryf en waarin die volle name van die werkgewer en die werknemer, die beroep van die werknemer, die aanvangsdatum en die datum van beëindiging van die kontrak en die weekloon van die werknemer op die datum van sodanige beëindiging vermeld word.

BYLAE

Ek/Ons (a).....
wat die sementproduktenywerheid beoefen te.....
.....
.....
verklaar hierby dat.....in my/
ons (a) diens was van die.....dag
van.....19..... tot die.....dag
van.....19..... as (b).....
By diensbeëindiging was shy/haar (a) loon.....rand
.....sent per week.

.....
Datum..... (Handtekening van werkgewer of gemagtigde verteenwoordiger)

(a) Skrap wat nie van toepassing is nie.
(b) Meld die beroep waarin die werknemer uitsluitlik of hoofsaaklik in diens was, bv., klerk, arbeider, werknemer, graad I.

H. W. TINDALE, Voorsitter.
I. J. CLAASSENS, Lid.
I. J. DE VILLIERS, Addisionele Lid.
D. J. ODENDAAL, Sekretaris,
Pretoria, 22 Februarie 1972.

DEPARTMENT OF NATIONAL EDUCATION

No. 1133 30 June 1972

DECLARATION OF A NATIONAL MONUMENT

By virtue of powers vested in me by section 10 (1) of the National Monuments Act, 1969 (Act 28 of 1969), I, Johannes Petrus van der Spuy, Minister of National Education, hereby declare the dwelling house Alphen, in Constantia (Cape Town), including an area of 5,051 8 morgen in all, to be a national monument.

DESCRIPTION

Certain piece of freehold land, with the historical building thereon being remainder of Portion 115 of the farm Alphen, situate in the Local Area of Constantia, Cape Division, and measuring 2,963 0 hectares. Deed of Transfer 30664/1965, dated 3 December 1965.

HISTORICAL AND ARCHITECTURAL INTEREST

The Alphen property was granted to Theunis van Schalkwyk in 1714. The historic homestead dates back to the middle of the 18th century, although the upper storey was probably added only later. Architecturally, Alphen is a square double-storeyed manor house with a beautiful pediment and exceptional front door.

J. P. VAN DER SPUY, Minister of National Education.

DEPARTMENT OF THE PRIME MINISTER

No. 1134 30 June 1972

RETENTION OF THE TITLE "HONOURABLE"

It is hereby notified that the State President has been pleased to approve of the retention of the title "Honourable" by Dr Werner Willi Max Eiselen, former Commissioner-General for the Northern Sotho National Unit.

DEPARTEMENT VAN NASIONALE OPVOEDING

No. 1133 30 Junie 1972

VERKLARING VAN NASIONALE GEDENKWAARDIGHEID

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 10 (1) van die Wet op Nasionale Gedenkwaardighede, 1969 (Wet 28 van 1969), verklaar ek, Johannes Petrus van der Spuy, Minister van Nasionale Opvoeding, hierby die woonhuis Alphen, in Constantia (Kaapstad), met inbegrip van 'n terrein van 5,051 8 morg in totaal, tot nasionale gedenkwaardigheid.

BESKRYWING

Sekere stuk erfpaggrond, met die historiese gebou daarop synde restant van Gedeelte 115 van die plaas Alphen, geleë in die plaaslike gebied van Constantia, Kaapse Afdeling, en groot 2,963 0 hektaar. Transportakte 30664/1965, gedateer 3 Desember 1965.

HISTORIESE EN ARGITEKTONIESE BELANG

Die Alphen-eiendom is in 1714 aan Theunis van Schalkwyk toegeken. Die historiese woonhuis dateer uit die middel van die 18de eeu, hoewel die boonste gedeelte waarskynlik eers later aangebou is. Argitektonies is Alphen 'n vierkantige dubbelverdiepingherehuis met 'n mooi pediment en buitengewone voordeur.

J. P. VAN DER SPUY, Minister van Nasionale Opvoeding.

DEPARTEMENT VAN DIE EERSTE MINISTER

No. 1134 30 Junie 1972

BEHOUD VAN DIE TITEL "EDELE"

Hierby word bekendgemaak dat dit die Staatspresident behaag het om die behoud van die titel "Edele" deur dr. Werner Willi Max Eiselen, voormalige Kommissaris-generaal vir die Noord-Sotho-volkseenheid, goed te keur.

DEPARTMENT OF WATER AFFAIRS

No. 1075 23 June 1972

NOTICE IN TERMS OF SECTION 60 (2) (a) (ii) OF THE WATER ACT, 1956 (ACT 54 OF 1956), AS AMENDED BY ACT 71 OF 1965, OF EXPROPRIATION OR APPROPRIATION OF RIGHTS

It is hereby notified, in terms of section 60 (2) (a) (ii) of the Water Act, 1956 (Act 54 of 1956), as amended, that the Minister of Water Affairs has, by virtue of the powers vested in him by section 60 (1) of the said Act, decided to expropriate or appropriate the undermentioned rights in respect of the properties described in the Schedule hereto in connection with the Government Water Works mentioned in the Schedule.

The required notices of expropriation or appropriation of the rights have been served on the registered owners by registered letters dated as mentioned in the Schedule and the said rights vest in the State three months from the date on which a notice is received by the relative owner.

DEPARTEMENT VAN WATERWESE

No. 1075 23 Junie 1972

KENNISGEWING KRAGTENS ARTIKEL 60 (2) (a) (ii) VAN DIE WATERWET, 1956 (WET 54 VAN 1956), SOOS GEWYSIG BY WET 71 VAN 1965 VAN ONTEIENING OF TOEËIENING VAN REGTE

Hierby word kragtens die bepalings van artikel 60 (2) (a) (ii) van die Waterwet, 1956 (Wet 54 van 1956), soos gewysig, bekendgemaak dat die Minister van Waterwese, kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel 60 (1) van genoemde Wet, besluit het om die ondergenoemde regte ten opsigte van die eiendomme in die Bylae hiervan beskryf te onteien of toe te eien in verband met die Staatswaterwerke in die Bylae gemeld.

Die vereiste kennisgewings van onteiening of toeëiening van die regte is per geregistreerde briewe gedateer soos in die Bylae gemeld aan die geregistreerde eienaars beteken en genoemde regte gaan op die Staat oor drie maande na die datum waarop 'n kennisgewing die betrokke eienaar bereik.

SCHEDULE

Name of Government water work	Description of property	Rights expropriated or appropriated	Date of registered letter
Groot Letaba 14/2/139 (36)..	Portion 2 of the farm JASI 731-LT, District of Letaba, in extent 428,266 0 hectares. Deed of Transfer 211/69	Servitude of water storage	2/2/72
Olifants River 14/2/1 (187)..	Portion 326 of the farm Vredendal 292, Division of Vanrhynsdorp, in extent 36,085 6 hectares. Deed of Transfer 16376/67	Servitude of aqueduct.....	2/2/72
Sanddrift River 14/2/74 (2)...	(1) Portion 17 (portion of Portion 9) of De Doorns 131, in extent 0,429 9 hectares (2) Portion 16 (portion of Portion 7) of De Doorns 131, in extent 4,859 8 hectares, both situate in the Division of Worcester and held under Deed of Transfer 8552/60	Servitude of aqueduct.....	18/11/71
Olifants River 14/2/1 (233)...	(1) Portion 10 (portion of Portion 9) of Bakleiplaats 182, in extent 1,481 8 hectares (2) Portion 7 (Vlei Tuin) of Bakleiplaats 182, in extent 20,342 6 hectares, both situate in the Division of Vanrhynsdorp and held under Deed of Transfer 16302/70	Servitude of aqueduct.....	17/12/71
Umgeni River 14/2/58 (84)...	Subdivision 1 of Lot 168, Townlands of Pietermaritzburg, City and County of Pietermaritzburg, in extent 2,023 4 hectares. Deed of Transfer 13349/68	Servitude of aqueduct.....	17/2/72
Umgeni River 14/2/58 (84)...	Lots 644, 578, 264, 232, 182 and remainder of 168, Townlands of Pitermaritzburg, City and County of Pietermaritzburg, in extent respectively 4,108 6, 2,092 9, 2,902 8, 2,691 3, 2,079 4 and 3,331 0 hectares. Deed of Transfer 13350/68	Servitude of aqueduct.....	17/2/72
Mapochsgronde 14/2/36 (13)..	Portion 673 of the farm Mapochsgronde, District of Middelburg, in extent 13,768 7 hectares. Deed of Transfer 9112/63	Servitude of aqueduct.....	2/11/71
Upington Islands 14/2/9 (2)..	Lot 49, a portion of Louisvale B of Louisvale, situate in the Division of Kenhardt, in extent 7,724 5 hectares. Deed of Transfer 4383/69	Servitude of drainage.....	15/11/71
Sanddrift River 14/2/74 (37)..	Plot 12 of De Doorns, Division of Worcester, in extent 33,881 5 hectares. Deed of Transfer 2811/68	Servitude of aqueduct.....	6/12/71
Sanddrift River 14/2/74 (12)...	Portion 21 (Zand Hoek) (portion of Portion 13), De Doorns 127, Division of Worcester, in extent 56,739 5 hectares. Deeds of Transfer 6734/34 and 10069/46	Servitude of aqueduct.....	6/12/71
Sanddrift River 14/2/74 (34)..	Remainder Plot 8 of De Doorns, Division of Worcester, in extent 33,084 7 hectares. Deed of Transfer 426/59	Servitude of aqueduct.....	6/12/71
Sanddrift River 14/2/74 (39)..	Plot 86 of De Doorns, Division of Worcester, in extent 1,507 2 hectares. Deed of Transfer 9086/25	Servitude of aqueduct.....	6/12/71
Sanddrift River 14/2/74 (40)..	Remainder of Plot 98 of De Doorns, Division of Worcester, in extent 201,896 0 hectares. Deed of Transfer 2183/30	Servitude of aqueduct.....	13/11/71
Sanddrift River 14/2/74 (25)..	Portion 28 (portion of Portion 27) of De Doorns, Division of Worcester, in extent 8,556 5 hectares. Deed of Transfer 12832/53	Servitude of aqueduct.....	6/12/71
Sanddrift River 14/2/74 (42)..	Plot 375, De Doorns, Division of Worcester, in extent 23,478 8 hectares. Deed of Transfer 1541/64	Servitude of aqueduct.....	6/12/71
Sanddrift River 14/2/74 (3)...	(1) Portion 15 (portion of Portion 10) of De Doorns 131, Division of Worcester, in extent 14,609 1 hectares. Deed of Transfer 5279/62 (2) Portion 18 of De Doorns 127, Division of Worcester, in extent 11,915 8 hectares. Deed of Transfer 13513/67	Servitude of aqueduct.....	6/12/71
Sanddrift River 14/2/74 (27)..	(1) Portion 2 of De Doorns 131, Division of Worcester, in extent 8,442 6 hectares (2) Portion 11 (Nulli Secundus Annex) (portion of Portion 5) of De Doorns 131, Division of Worcester, in extent 6,130 4 hectares. Both held under Deed of Transfer 17010/47	Servitude of aqueduct.....	6/12/71
Sanddrift River 14/2/74 (9)...	(1) Portion 10 (portion of Portion 3) of De Doorns 131, in extent 13,356 7 hectares, Division of Worcester. Deed of Transfer 13224/60 (2) Portion 37 of De Doorns 131, in extent 12,991 2 hectares, Division of Worcester. Deed of Transfer 28423/65	Servitude of aqueduct.....	6/12/71

Name of Government water work	Description of property	Rights expropriated or appropriated	Date of registered letter
Sanddrift River 14/2/74 (36)..	Portion 22 (Concordia) (portion of Portion 7) of De Doorns 127, in extent 12,618 6 hectares, Division of Worcester. Deed of Transfer 12632/42	Servitude of aqueduct.....	6/12/71
Upington Islands 14/2/9 (112).	Remaining Extent of the farm Dyasons Klip, in extent 5 736,717 4 hectares, District of Gordonia. Deed of Transfer 989/59	Servitude of aqueduct.....	29/10/71
Mapochsgronde.....	Lots 700 and 738 of the farm Mapochsgronde, District of Middelburg, in extent 13,704 5 hectares and 97,638 9 hectares respectively. Deed of Transfer 4489/60	Servitude of aqueduct.....	28/4/72
Sanddrift River 14/2/74 (20)..	Portion 34 (portion of Portion 13) of De Doorns 127, Division of Worcester, in extent 9,855 1 hectares. Deed of Transfer 17465/71	Servitude of aqueduct.....	1/5/72

BYLAE

Naam van Staatswaterwerk	Beskrywing van eiendom	Regte onteien of toegeëien	Datum van geregistreerde brief
Groot Letaba 14/2/139 (36)...	Gedeelte 2 van die plaas JASI 731–LT, distrik Letaba, groot 428,266 0 hektaar. Transportakte 211/69	Serwituut van wateropgaring	2/2/72
Olifantsrivier 14/2/1 (187)....	Gedeelte 326 van die plaas Vredendal 292, afdeling Vanrhynsdorp, groot 36,085 6 hektaar. Transportakte 16376/67	Serwituut van waterleiding	2/2/72
Sanddriftrivier 14/2/74 (2)....	(1) Gedeelte 17 (gedeelte van Gedeelte 9) van De Doorns 131, groot 0,429 9 hektaar (2) Gedeelte 16 (gedeelte van Gedeelte 7) van De Doorns 131, groot 4,859 8 hektaar, albei geleë in die afdeling Worcester en gehou kragtens Transportakte 8552/60	Serwituut van waterleiding	18/11/71
Olifantsrivier 14/2/1 (233)....	(1) Gedeelte 10 (gedeelte van Gedeelte 9) van Bakleiplaats 182, groot 1,481 8 hektaar (2) Gedeelte 7 (Vlei Tuin) van Bakleiplaats 182, groot 20,342 6 hektaar, albei van afdeling Vanrhynsdorp en gehou kragtens Transportakte 16302/70	Serwituut van waterleiding	17/12/71
Umgenirivier 14/2/58 (84)....	Onderverdeling 1 van Lot 168, dorpsgronde van Pietermaritzburg, stad en county van Pietermaritzburg, groot 2,023 4 hektaar. Transportakte 13349/68	Serwituut van waterleiding	17/2/72
Umgenirivier 14/2/58 (84)....	Lotte 644, 578, 264, 232, 182 en Restant van 168, Dorpsgronde van Pietermaritzburg, stad en county van Pietermaritzburg, groot onderskeidelik 4,108 6, 2,092 9, 2,902 8, 2,691 3, 2,079 4 en 3,331 0 hektaar. Transportakte 13350/68	Serwituut van waterleiding	17/2/72
Mapochsgronde 14/2/36 (13)..	Perseel 673 van die plaas Mapochsgronde, distrik Middelburg, groot 13,768 7 hektaar. Transportakte 9112/63	Serwituut van waterleiding	2/11/71
Upington Eilande 14/2/9 (2)..	Perseel 49, Gedeelte van Louisvale B van Louisvale, geleë in die afdeling Kenhardt, groot 7,724 5 hektaar. Transportakte 4383/69	Serwituut van dreinering..	15/11/71
Sanddriftrivier 14/2/74 (37)...	Erf 12 van De Doorns, afdeling Worcester, groot 33,881 5 hektaar. Transportakte 2811/68	Serwituut van waterleiding	6/12/71
Sanddriftrivier 14/2/74 (12)...	Gedeelte 21 (Zand Hoek) (gedeelte van Gedeelte 13) van De Doorns 127, afdeling Worcester, groot 56,739 5 hektaar. Transportaktes 6734/34 en 10069/46	Serwituut van waterleiding	6/12/71
Sanddriftrivier 14/2/74 (34)...	Restant van Erf 8 van De Doorns, afdeling Worcester, groot 33,084 7 hektaar. Transportakte 426/59	Serwituut van waterleiding	6/12/71
Sanddriftrivier 14/2/74 (39)...	Erf 86 van De Doorns, afdeling Worcester, groot 1,507 2 hektaar. Transportakte 9086/25	Serwituut van waterleiding	6/12/71
Sanddriftrivier 14/2/74 (40)...	Restant van Erf 98 van De Doorns, afdeling Worcester, groot 201,896 0 hektaar. Transportakte 2183/30	Serwituut van waterleiding	13/12/71
Sanddriftrivier 14/2/74 (25)...	Gedeelte 28 (gedeelte van Gedeelte 27) van De Doorns, afdeling Worcester, groot 8,556 5 hektaar. Transportakte 12832/53	Serwituut van waterleiding	6/12/71
Sanddriftrivier 14/2/74 (42)...	Erf 375 van De Doorns, afdeling Worcester, groot 23,478 8 hektaar. Transportakte 1541/64	Serwituut van waterleiding	6/12/71
Sanddriftrivier 14/2/74 (3)....	(1) Gedeelte 15 (gedeelte van Gedeelte 10) van De Doorns 131, afdeling Worcester, groot 14,609 1 hektaar. Transportakte 5279/62 (2) Gedeelte 18 van De Doorns 127, afdeling Worcester, groot 11,915 8 hektaar. Transportakte 13513/67	Serwituut van waterleiding	6/12/71
Sanddriftrivier 14/2/74 (27)...	(1) Gedeelte 2 van De Doorns 131, afdeling Worcester, groot 8,442 6 hektaar (2) Gedeelte 11 (Nulli Secundus Annex) (gedeelte van Gedeelte 5) van De Doorns 131, afdeling Worcester, groot 6,130 4 hektaar, albei gehou kragtens Transportakte 17010/47	Serwituut van waterleiding	6/12/71
Sanddriftrivier 14/2/74 (9)....	(1) Gedeelte 10 (gedeelte van Gedeelte 3) van De Doorns 131, groot 13,3567 hektaar, afdeling Worcester. Transportakte 13224/60 (2) Gedeelte 37 van De Doorns 131, groot 12,991 2 hektaar, afdeling Worcester. Transportakte 28423/65	Serwituut van waterleiding	6/12/71
Sanddriftrivier 14/2/74 (36)...	Gedeelte 22 (Concordia) (gedeelte van Gedeelte F) van De Doorns 127, groot 12,618 1 hektaar, afdeling Worcester. Transportakte 12632/42	Serwituut van waterleiding	6/12/71
Upington Eilande 14/2/9 (112)	Resterende Gedeelte van die plaas Dyasons Klip, groot groot 5 736,717 4 hektaar, distrik Gordonia. Transportakte 989/59	Serwituut van waterleiding	29/10/71
Mapochsgronde.....	Persele 700 en 738 van die plaas Mapochsgronde, distrik Middelburg, groot 13,704 5 hektaar en 97,638 9 hektaar onderskeidelik. Transportakte 4489/60	Serwituut van waterleiding	28/4/72

Naam van Staatswaterwerk	Beskrywing van eiendom	Regte onteien of toegeëien	Datum van geregistreerde brief
Sanddriftrivier 14/2/74 (20)...	Gedeelte 34 ('n gedeelte van Gedeelte 13) van De Doorns 127, afdeling Worcester, groot 9,855 1 hektaar. Transportakte 17465/71	Serwituut van waterleiding	1/5/72

2192—23—30—7

GENERAL NOTICES

NOTICE 376 OF 1972

NOTICE TO OWNERS AND MORTGAGEES IN TERMS OF SUBSECTION (2) (a) OF SECTION 33 OF THE COMMUNITY DEVELOPMENT ACT, 1966 (ACT 3 OF 1966), AS AMENDED, WHOSE ADDRESSES ARE UNKNOWN

Owners and mortgagees of the undermentioned properties are hereby notified that the provisional basic values thereof have been determined in the Schedule to this notice.

Attention is invited to the provisions of sections 33 (2) (b) and 33 (3) read with section 33 (6) of the Act. In terms of section 33 (2) (b) any objection to the provisional valuation may be lodged with the Minister of Community Development, in writing, within 21 days from 23 June 1972 or within such further period not exceeding a further period of 60 days as the Minister may on application allow.

Any objections or representations you may wish to submit must be lodged, in triplicate, c/o the Regional Representative, Department of Community Development, Private Bag 9045, Pietermaritzburg, in accordance with the provisions of regulation 12 (1) of the regulations published in Government Notice R. 1247, dated 19 August 1966.

ALGEMENE KENNISGEWINGS

KENNISGEWING 376 VAN 1972

KENNISGEWING AAN EIENAARS EN VERBANDHOUERS INGEVOLGE SUBARTIKEL (2) (a) VAN ARTIKEL 33 VAN DIE WET OP GEMEENSKAPSONTWIKKELING, 1966 (WET 3 VAN 1966), SOOS GEWYSIG, WIE SE ADRESSE ONBEKEND IS

Eienaars van en verbandhouers oor die onderstaande eiendomme word hiermee in kennis gestel dat die voorlopige basiese waardes daarvan bepaal is soos aangeteken teenoor die betrokke eiendomme in die Bylae tot hierdie kennisgewing.

Aandag word gevestig op die bepalings van artikels 33 (2) (b) en 33 (2) saamgelees met artikel 33 (6) van die Wet. Ingevolge artikel 33 (2) (b) mag by die Minister van Gemeenskapsbou binne 21 dae vanaf 23 Junie 1972, of binne die verdere tydperk wat nie 'n tydperk van 'n verdere 60 dae oorskry nie, wat die Minister op aansoek toelaat, skriftelik enige beswaar teen die voorlopige waardasie ingedien word.

Enige sodanige besware of vertoë wat wens gemaak te word moet in drievoud per adres die Streekverteenwoordiger, Departement van Gemeenskapsbou, Privaatsak 9045, Pietermaritzburg, ingedien word soos voorgeskryf in regulasie 12 (1) van die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing R. 1247 van 19 Augustus 1966.

SCHEDULE/BYLAE
GROUP AREA/GROEPSGEBIED
RICHMOND

Description of property Beskrywing van eiendom	Area Grootte	Owner Eienaar	Provisional basic value Voorlopige basiese waarde
Subdivision 5 of Lot 237/Onderverdeling 5 van Perseel 237	2 roods/roede	Estate late/Boedel wyle Frank Richard Tewson	R5 753,00
Subdivision 7 of Lot 237/Onderverdeling 7 van Perseel 237	2 roods/roede	Estate late/Boedel wyle Frank Richard Tewson	

(23 June 1972)/(23 Junie 1972)

2197—23-30-7

NOTICE 397 OF 1972

Whereas the following rough or uncut diamond was found by the person mentioned at the place and date stated, notice is hereby given that if the said diamond is not claimed within 21 (twenty-one) days from date hereof, it will be sold according to law:

One rough or uncut diamond	1,8 carats	Branch Commander, Diamond Branch, Cullinan	Picked up by Bantu male S. Nkgoma at Pretoria during April 1972.

Information the Commander, Diamond Branch, S.A. Police, Private Bag 5039, Kimberley.

(30 June 1972)

KENNISGEWING 397 VAN 1972

Nademaal die ondervermelde ruwe of ongeslypte diamant deur die genoemde persoon by die gemelde plek en datum gevind is, word hiermee bekendgemaak dat as die regmatige eienaar dit nie binne 21 (een-en-twintig) dae vanaf datum hiervan opeis nie, dit volgens wet verkoop sal word:

Een ruwe of ongeslypte diamant	1,8 karaat	Takbevelvoerder, Diamanttak, Cullinan	Gedurende April 1972 deur Bantoeman S. Nkgoma te Pretoria opgetel.

Informasie aan die Bevelvoerder, Diamanttak, S.A. Polisie, Privaatsak 5039, Kimberley.

(30 Junie 1972)

NOTICE 396 OF 1972
CORRECTION NOTICE

In General Notice 343 of 1972, published in *Government Gazette* 3544, dated 9 June 1972, on page 17, the heading which read, The Department of Public Works, must be deleted.

(30 June 1972)

KENNISGEWING 396 VAN 1972
VERBETERINGSKENNISGEWING

In Algemene Kennisgewing 343 van 1972, gepubliseer in *Staatskoerant* 3544, gedateer 9 Junie 1972, op bladsy 17, moet die opskrif wat lees, Departement van Openbare Werke, geskrap word.

(30 Junie 1972)

NOTICE 398 OF 1972
DEPARTMENT OF MINES
WITHDRAWAL OF THE RESERVATION OF LAND FOR ROAD PURPOSES

The Mining Commissioner for the Mining District of Pietersburg has withdrawn the reservation of a strip of land, shown on sketch plan RMT O.226/68, for the purpose of a public road on the farm Wegsteek 30 LU, District of Letaba, Mining District of Pietersburg, Transvaal Province, as contained in General Notice 843 of 1964, published in the *Government Gazette* of 20 November 1964.

(30 June 1972)

KENNISGEWING 398 VAN 1972
DEPARTEMENT VAN MYNWESE
TERUGTREKKING VAN DIE UITHOU VAN GROND VIR PADDOELEINDES

Die Mynkommissaris vir die myndistrik Pietersburg het die uithou van 'n strook grond, aangetoon op sketskaart RMT O.226/68, vir die doel van 'n openbare pad op die plaas Wegsteek 30 LU, distrik Letaba, myndistrik Pietersburg, provinsie Transvaal, soos vervat in Algemene Kennisgewing 843 van 1964, gepubliseer in die *Staatskoerant* van 20 November 1964, teruggetrek.

(30 Junie 1972)

NOTICE 399 OF 1972—KENNISGEWING 399 VAN 1972
DEPARTMENT OF POSTS AND TELEGRAPH—DEPARTEMENT VAN POS-EN-TELEGRAAFWESE
STATEMENT OF REVENUE AND EXPENDITURE: MARCH 1972
STAAT VAN INKOMSTE EN UITGAWE: MAART 1972

	Estimates Begroting	Month of March Maand Maart		Total April—March Totaal April—Maart		
	1971–72	1972	1971	1971–72	1970–71	
	R	R	R	R	R	*Inkomste*
Revenue						
Postal Services	73 140 000	5 994 106	4 287 080	66 174 618	47 052 127	Posdienste.
Telecommunications Services	223 160 000	32 469 318	18 189 083	224 009 517	163 084 597	Telekommunikasiedienste.
Agency Services	3 750 000	345 223	350 586	4 028 287	3 994 021	Agentskapdienste.
Interest on Investments	950 000	206 287	212 739	575 217	890 863	Rente op beleggings.
Total R	301 000 000	39 014 934	23 039 488	294 787 639	215 021 608	Totaal.
Expenditure						*Uitgawe*
Working Expenditure—						Bedryfsuitgawe—
Postal and Telecommunications Services R	225 152 000	32 895 722	28 218 177	221 232 037	184 715 637	Pos- en Telekommunikasiedienste.
Capital Expenditure—						Kapitaaluitgawe—
Postal Services	630 000	35 112	150 923	534 869	805 828	Posdienste.
Telecommunications Service	103 758 000	16 585 694	10 447 493	106 269 267	71 354 231	Telekommunikasiedienste.
Purchase of Land	2 575 000	102 584	340 957	1 849 448	2 546 673	Aankoop van grond.
Buildings	13 838 000	2 752 091	1 961 748	12 111 506	9 309 117	Geboue.
*Redemption of Loans	8 775 000	4 456 030	3 703 057	8 774 615	7 295 373	*Leningsdelgings.
Housing	2 500 000	292 396	413 632	2 249 071	2 508 069	Behuising.
Increase of Standard Stock Capital	10 400 000	10 400 000	—	10 400 000	—	Verhoging van Standaardvoorraadkapitaal.
Total R	142 476 000	34 623 907	17 017 810	142 188 776	93 819 291	Totaal.

* Payments are made half-yearly/Betalings geskied halfjaarliks.

(30 June 1972)/(30 Junie 1972).

NOTICE 401 OF 1972
IN THE SUPREME COURT OF SOUTH AFRICA (EASTERN CAPE DIVISION)
THIRD TRANSKEIAN CIRCUIT COURT, 1972

Under and by virtue of the powers in me vested by section 7 of Act 59 of 1959, I hereby give notice that I have constituted the following circuit districts for the sitting of the above-mentioned Court:

1. The District of Umtata, together with the Districts of Elliotdale, Engcobo, Libode, Mqanduli, Ngqeleni, Port St Johns, Qumbu and Tsolo.

2. The District of Mount Currie, together with the Districts of Bizana, Flagstaff, Matatiele, Lusikisiki, Mount Ayliff, Mount Frere, Mount Fletcher, Tabankulu and Umzimkulu.

KENNISGEWING 401 VAN 1972
IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA (OOS-KAAPSE AFDELING)
DERDE TRANSKEISE RONDGAANDE HOF, 1972

Kragtens die bevoegdheid my verleen in artikel 7 van Wet 59 van 1959, gee ek hiermee kennis dat ek die volgende rondgangdistrikte vir 'n sitting van bogemelde Hof gevorm het:

1. Die distrik Umtata, tesame met die distrikte Elliotdale, Engcobo, Libode, Mqanduli, Ngqeleni, Port St Johns, Qumbu en Tsolo.

2. Die distrik Mount Currie, tesame met die distrikte Bizana, Flagstaff, Matatiele, Lusikisiki, Mount Ayliff, Mount Frere, Mount Fletcher, Tabankulu en Umzimkulu.

3. The District of Butterworth, together with the Districts of Idutywa, Kentani, Nqamakwe, St Marks, Tsomo and Willowvale.

And I do further direct and appoint that the said Circuit Court shall be holden in the town on the dates set forth in the Schedule hereto, provided that in the event of the judge being prevented by any unforseen cause or delay from opening the Circuit Court at any of the said places on the day fixed for the purpose, such Circuit Court shall be opened on the day in which the judge shall arrive at such place or so soon thereafter as conveniently may be.

Given under my Hand and the Seal of the Supreme Court of South Africa (Eastern Cape Division), at Grahamstown, this 16th day of June 1972.

A. G. JENNETT, Judge President.

SCHEDULE

1. Umtata, 1 August 1972, at 9.30 a.m.
2. Kokstad, 17 August 1972, at 9.30 a.m.
3. Butterworth, 30 August 1972, at 9.30 a.m.

(30 June 1972)

3. Die distrik Butterworth, tesame met die distrikte Idutywa, Kentani, Nqamakwe, St Marks, Tsomo en Willowvale.

En voorts beveel en gelas ek dat die gemelde Rondgaande Hof sittings moet hou op die dorpe en op die datums in bygaande Bylae vermeld, met dien verstande dat ingeval die regter deur 'n onvoorsiene omstandigheid of oponthoud verhinder word om 'n sitting van die Rondgaande Hof te open op enigeen van gemelde plekke op die datums wat vir die doel vasgestel is, so 'n sitting van die Rondgaande Hof geopen moet word op die dag en datum waarop die regter op so 'n plek aankom of so spoedig daarna as wat gerieflik is.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Hooggeregshof van Suid-Afrika (Oos-Kaapse Afdeling), te Grahamstad, op hierdie 16de dag van Junie 1972.

A. G. JENNETT, Regter-president.

BYLAE

1. Umtata, 1 Augustus 1972, om 9.30 vm.
2. Kokstad, 17 Augustus 1972, om 9.30 vm.
3. Butterworth, 30 Augustus 1972, om 9.30 vm.

(30 Junie 1972)

NOTICE 400 OF 1972

SOUTH AFRICAN RESERVE BANK

Statement of assets and liabilities on the 16th day of June 1972

Liabilities	R
Capital	2 000 000,00
Reserve Fund	13 508 317,93
Notes in circulation	506 848 716,00
Deposits:	
Government	344 828 818,36
Provincial administrations	33 122 142,22
Bankers	192 577 429,20
Other	23 215 246,65
Other liabilities	283 022 356,31
	R1 399 123 026,67

Assets	R
Gold	365 247 030,59
Foreign:	
Bills	120 319 541,14
Investments	18 305 152,51
Other assets	204 076 166,93
Total gold and foreign assets	707 947 891,17
Domestic:	
Bills discounted	91 350 000,00
Loans and advances:	
Government	—
Other	213 378 727,78
Securities:	
Government	179 549 915,40
Other	4 103 019,81
Other assets	202 793 472,51
	R1 399 123 026,67

Ratio of gold reserve to liabilities to the public less foreign assets 45,3 per cent.

Pretoria, 21 June 1972.

N. VAN DER WESTHUIZEN, General Manager.

KENNISGEWING 400 VAN 1972

SUID-AFRIKAANSE RESERWEBANK

Staat van bates en laste op die 16de dag van Junie 1972

Laste	R
Kapitaal	2 000 000,00
Reserwefonds	13 508 317,93
Note in omloop	506 848 716,00
Deposito's:	
Regering	344 828 818,36
Provinsiale administrasies	33 122 142,22
Bankiers	192 577 429,20
Andere	23 215 246,65
Ander laste	283 022 356,31
	R1 399 123 026,67

Bates	R
Goud	365 247 030,59
Buitelandse:	
Wissels	120 319 541,14
Beleggings	18 305 152,51
Ander bates	204 076 166,93
Totaal aan goud en buitelandse bates	707 947 891,17
Binnelandse:	
Gediskonteerde wissels	91 350 000,00
Lenings en voorskotte:	
Regering	—
Andere	213 378 727,78
Sekuriteite:	
Regering	179 549 915,40
Andere	4 103 019,81
Ander bates	202 793 472,51
	R1 399 123 026,67

Verhouding van goudreserwe tot verpligtings teenoor die publiek min buitelandse bates 45,3 persent.

Pretoria, 21 Junie 1972.

N. VAN DER WESTHUIZEN, Hoofbestuurder.

(30 June 1972)/(30 Junie 1972)

NOTICE 402 OF 1972

IN THE SUPREME COURT OF SOUTH AFRICA (EASTERN CAPE DIVISION)

SECOND BORDER CIRCUIT COURT, 1972

Under and by virtue of the powers in me vested by section 7 of Act 59 of 1959, I hereby give notice that I have constituted the following circuit districts for the sitting of the above-mentioned Court:

1. The District of King William's Town, together with the Districts of Victoria East, Keiskammahoek, Komga, Middeldrift, Stutterheim, Somerset East, Bedford, Fort Beaufort and Zwelitsha.
2. The District of Queenstown, together with the Districts of Cathcart, Elliot, Glen Grey, Indwe, Maclear, Maraisburg, Sterkstroom, Wodehouse, Tarka, Xalanga and Hewu.
3. The District of Aliwal North, together with the Districts of Albert, Barkly East, Herschel, Lady Grey, Molteno and Venterstad.
4. The District of Graaff-Reinet, together with the Districts of Cradock, Middelburg, Noupoort, Aberdeen, Jansenville, Murraysburg, Pearston, Colesburg, Hanover and Steynsburg.
5. The District of Uitenhage, together with the Districts of Humansdorp, Hankey, Kirkwood and Steytlerville.

And I do further direct and appoint that the said Circuit Court shall be holden in the towns and on the dates set forth in the Schedule hereto, provided that in the event of the Judge being prevented by any unforseen cause or delay from opening the Circuit Court at any of the said places on the day fixed for the purposes, such Circuit Court be opened on the day on which the Judge shall arrive at such place or as soon thereafter as conveniently may be.

Given under my Hand and the Seal of the Supreme Court of South Africa (Eastern Cape Division) at Grahamstown, on this 16th day of June 1972.

A. G. JENNETT, Judge President.

SCHEDULE

1. King William's Town, 1 August 1972, at 9.30 a.m.
2. Queenstown, 7 August 1972, at 9.30 a.m.
3. Aliwal North, 14 August 1972, at 9.30 a.m.
4. Graaff-Reinet, 17 August 1972, at 9.30 a.m.
5. Uitenhage, 22 August 1972, at 9.30 a.m.

(30 June 1972)

NOTICE 403 OF 1972

DEPARTMENT OF CUSTOMS AND EXCISE

SALE OF GOODS, DURBAN

It is hereby notified for general information that a public sale of unentered, abandoned and forfeited goods will be held at the State Warehouse, Durban, at 9 a.m., on Wednesday and Thursday, 19 and 20 July 1972.

Lists of goods to be sold will be supplied on application by the Controller of Customs and Excise, Private Bag X4305, Durban.

(30 June 1972)

NOTICE 404 OF 1972

DEPARTMENT OF BANTU ADMINISTRATION AND DEVELOPMENT

NORTH-EASTERN BANTU APPEAL COURT.—SESSIONS

The Secretary for Bantu Administration and Development has, in terms of section 13 (6) of the Bantu Administration Act, 1927 (Act 38 of 1927), fixed the following

KENNISGEWING 402 VAN 1972

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA (OOS-KAAPSE AFDELING)

TWEEDE GRENS RONDGAANDE HOF, 1972

Kragtens die bevoegdheid my verleen in artikel 7 van Wet 59 van 1959, gee ek hiermee kennis dat ek die volgende rondgangdistrikte vir 'n sitting van bogenoemde Hof gevorm het:

1. Die distrik King William's Town, tesame met die distrikte Victoria-Oos, Keiskammahoek, Komga, Middeldrift, Stutterheim, Somerset-Oos, Bedford, Fort Beaufort en Zwelitsha.
2. Die distrik Queenstown, tesame met die distrikte Cathcart, Elliot, Glen Grey Indwe, Maclear, Maraisburg, Sterkstroom, Wodehouse, Tarka, Xalanga en Hewu.
3. Die distrik Aliwal-Noord tesame met die distrikte Albert, Barkly-Oos, Herschel, Lady Grey, Molteno en Venterstad.
4. Die distrik Graaff-Reinet, tesame met die distrikte Cradock, Middelburg, Noupoort, Aberdeen, Jansenville, Murraysburg, Pearston, Colesberg, Hanover en Steynsburg.
5. Die distrik Uitenhage, tesame met die distrikte Humansdorp, Hankey, Kirkwood en Steytlerville.

En voorts beveel en gelas ek dat gemelde Rondgaande Hof sittings moet hou op die dorpe en op die datums in die Bylae vermeld, met dien verstande dat, ingeval die Regter deur 'n onvoorsiene omstandigheid of oponthoud verhinder word om 'n sitting van die Rondgaande Hof te open op enigeen van gemelde plekke op die datum wat vir die doel vasgestel is, so 'n sitting van die Rondgaande Hof ge-open moet word op die dag en datum waarop die Regter so op 'n plek aankom of so spoedig daarna as wat gerieflik is.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Hooggeregshof van Suid-Afrika (Oos-Kaapse Afdeling) te Grahamstad, hierdie 16de dag van Junie 1972.

A. G. JENNETT, Regter-president.

BYLAE

1. King William's Town, 1 Augustus 1972, om 9.30 vm.
2. Queenstown, 7 Augustus 1972, om 9.30 vm.
3. Aliwal-Noord, 14 Augustus 1972, om 9.30 vm.
4. Graaff-Reinet, 17 Augustus 1972, om 9.30 vm.
5. Uitenhage, 22 Augustus 1972, om 9.30 vm.

(30 Junie 1972)

KENNISGEWING 403 VAN 1972

DEPARTEMENT VAN DOEANE EN AKSYNS

VEILING VAN GOEDERE, DURBAN

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat 'n openbare veiling van ongeklaarde, onopgeëiste en verbeurdverklaarde goedere om 9 vm., Woensdag en Donderdag, 19 en 20 Julie 1972, by die Staatspakhuis, Durban, gehou sal word.

Opgawes van die goedere wat verkoop sal word kan op aanvraag by die Kontroleur van Doeane en Aksyns, Privaatsak X4305, Durban, verkry word.

(30 Junie 1972)

KENNISGEWING 404 VAN 1972

DEPARTEMENT VAN BANTOE-ADMINISTRASIE EN -ONTWIKKELING

NOORDOOSTELIKE BANTOE-APPÈLHOF.—SITTINGS

Die Sekretaris van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling het, kragtens artikel 13 (6) van die Bantoe-administrasie Wet, 1927 (Wet 38 van 1927), bepaal dat

places at which and dates on which the North-Eastern Bantu Appeal Court will commence sessions at 9 a.m., or as soon thereafter as may be convenient:

Pietermaritzburg, 399 Pietermaritz Street, Thursday, 3 August 1972.

Durban, Whitehead Buildings, 135 Smith Street, Thursday, 31 August 1972.

Eshowe, Magistrate's Office, Tuesday, 26 September 1972.

Pretoria, Bantu Affairs Commissioner's Buildings, Lorentz Street, Pretoria West, Tuesday, 24 October 1972.

Eshowe, Magistrate's Office, Tuesday, 14 November 1972.

Pietermaritzburg, 399 Pietermaritz Street, Tuesday, 21 November 1972.

Durban, Whitehead Buildings, 135 Smith Street, Tuesday, 28 November 1972.

(30 June 1972)

NOTICE 405 OF 1972

DEPARTMENT OF BANTU ADMINISTRATION AND DEVELOPMENT

NORTH-EASTERN BANTU DIVORCE COURT.—SESSIONS

The Secretary for Bantu Administration and Development has, in terms of section 13 (6) of the Bantu Administration Act, 1927 (Act 38 of 1927), and section 10 (4) of the Bantu Administration Act, 1927, Amendment Act, 1929 (Act 9 of 1929), fixed the following places at which and dates on which the North-Eastern Bantu Divorce Court will commence sessions at 9 a.m., or as soon thereafter as may be convenient:

Durban, Whitehead Buildings, 135 Smith Street, Monday, 17 July 1972.

Pietermaritzburg, 399 Pietermaritz Street, Monday, 31 July 1972.

Durban, Whitehead Buildings, 135 Smith Street, Monday, 7 August 1972.

Vryheid, Bantu Affairs Commissioner's Office, Monday, 11 September 1972.

Eshowe, Magistrate's Office, Monday, 25 September 1972.

Pretoria, Bantu Affairs Commissioner's Buildings, Lorentz Street, Pretoria West, Tuesday, 3 October 1972.

Pietersburg, Bantu Affairs Commissioner's Office, Thursday, 12 October 1972.

Pretoria, Bantu Affairs Commissioner's Buildings, Lorentz Street, Pretoria West, Monday, 16 October 1972.

Eshowe, Magistrate's Office, Monday, 13 November 1972.

Pietermaritzburg, 399 Pietermaritz Street, Thursday, 23 November 1972.

Durban, Whitehead Buildings, 135 Smith Street, Tuesday, 5 December 1972.

(30 June 1972)

NOTICE 406 OF 1972

DEPARTMENT OF TRANSPORT

AIR SERVICES ACT, 1949 (ACT 51 OF 1949), AS AMENDED

Pursuant to the provisions of section 5 (a) and (b) of Act 51 of 1949 and regulation 5 of the Civil Air Services Regulations, 1964, it is hereby notified for general information that the applications, details of which appear in the Schedule hereto, will be heard by the National Transport Commission.

Representations in accordance with section 6 (1) of Act 51 of 1949, in support of or in opposition to an application, should reach the Secretary for Transport

sittings van die Noordoostelike Bantoe-appèlhof om 9 vm., of so spoedig daarna as wat gerieflik mag wees, op onderstaande plekke en datums 'n aanvang sal neem:

Pietermaritzburg, Pietermaritzstraat 399, Donderdag, 3 Augustus 1972.

Durban, Whiteheadgebou, Smithstraat 135, Donderdag, 31 Augustus 1972.

Eshowe, Landdroskantoor, Dinsdag, 26 September 1972.

Pretoria, Bantoesakekommissarisgebou, Lorentzstraat, Pretoria-Wes, Dinsdag, 24 Oktober 1972.

Eshowe, Landdroskantoor, Dinsdag, 14 November 1972.

Pietermaritzburg, Pietermaritzstraat 399, Dinsdag, 21 November 1972.

Durban, Whiteheadgebou, Smithstraat 135, Dinsdag, 28 November 1972.

(30 Junie 1972)

KENNISGEWING 405 VAN 1972

DEPARTEMENT VAN BANTOE-ADMINISTRASIE EN -ONTWIKKELING

NOORDOOSTELIKE BANTOE-EGSKEIDINGSHOF.—SITTINGS

Die Sekretaris van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling het, kragtens artikel 13 (6) van die Bantoeadministrasie Wet, 1927 (Wet 38 van 1927), en artikel 10 (4) van die Bantoe-administrasie Wet, 1927 Wysigingswet, 1929 (Wet 9 van 1929), bepaal dat sittings van die Noordoostelike Bantoe-egskeidingshof om 9 vm., of so spoedig daarna as wat gerieflik mag wees, op onderstaande plekke en datums 'n aanvang sal neem:

Durban, Whiteheadgebou, Smithstraat 135, Maandag, 17 Julie 1972.

Pietermaritzburg, Pietermaritzstraat 399, Maandag, 31 Julie 1972.

Durban, Whiteheadgebou, Smithstraat 135, Maandag, 7 Augustus 1972.

